
# die Boodskapper

Amptelike blad van die Afrikaanse Protestantse Kerk

No. 375 • Oktober 2024

ΑΩ LIG IN DUISTERNIS

*Ons verkondig Christus wat gekruisig is ... Christus, die krag van God en die wysheid van God* – 1 Kor. 1:23-24

Oktober 2024 | No. 375

# INHOUD

**DIE BOODSKAPPER** • By die poskantoor as nuusblad geregistreer

## Die nagmaal

**REDAKSIONEEL**
**Ds. Schalk Strauss**
Die uitdaging(s) van 'n veranderde werklikheid .................................... **1**

**AMPTELIK** ........................................................................................ **3**

**ONTVANG DIE WOORD**
**JC Ryle**
Die nagmaal ........................................................................................ **4**

**HOOFARTIKEL**
**Dr. Joel R Beeke**
Voorbereiding vir die nagmaal ............................................................ **6**

**ARTIKELS**
**Ds. Schalk Strauss**
Jonathan Edwards en die nagmaalskontroversie
in Northampton ................................................................................... **8**

**Dr. Adi Schlebusch**
Die Hervormers en die nagmaal .......................................................... **12**

**Ds. Jannie Bisschoff**
Toelating tot die nagmaal .................................................................... **14**

**Ds. Martin Jordaan**
Weer eers na binne:
Die noodsaak van kerklike tug ............................................................ **16**

**Dr. Hendrik Breytenbach**
Waarom weerhou ons kinders van die nagmaal
as ons die kinders van gelowiges doop? ............................................. **18**

**Marilize van Zyl**
Stories van hoop: 'n Briefie vir Deon .................................................. **20**

**AKTUEEL**
Smeltoond: Christenatlete by die Paralimpiese Spele .......................... **11**
Bybelwoordblok .................................................................................. **22**
Gemeentenuus .................................................................................... **23**

**IN DIE SPORE VAN GISTER MET PIETER & PIETER**
**Dr. Pieter Mulder**
John Harris en die stasiebom:
Vryheidsvegter of terroris? ................................................................. **30**

**VAN KARSTOELTJIE TOT BESTUURDER**
**Pieta Oosthuizen**
Nagmaal, die naelstring wat ons aan God,
én aan mekaar verbind ........................................................................ **31**

**VOORBLAD:**
**'n Uitbeelding van die elemente van die nagmaal.**

**REDAKSIE**
**Eindredakteur**
Ds. HSW Strauss
**Subredakteur**
Mev. C Möller
**Redaksielede**
Di. RK Combrink,
HJ Dafel, A Hough
**Redaksiesekretaresse**
Mev. M Langeveldt
publikasies@liginduisternis.co.za
**Advertensies**
Mev. M van Schalkwyk
boodskapper@apk.co.za

*Die Redaksie vereenselwig hom nie noodwendig met alle uitsprake of menings hierin opgeneem nie.*

**BELANGRIKE TELEFOONNOMMERS EN ADRESSE**
**Gemeenskaplike Kerkkantoor**
**Kerkkantoor en Boekwinkel**
**Tel.:** 012 362 1390
**Faks:** 012 362 2023
**Posbus** 25139
Monumentpark, 0105
Makoustraat 516,
Monumentpark x2
**e-pos:** info@apk.co.za
**Webblad:** www.apk.co.za

**Die Afrikaanse Protestantse Akademie**
**Administrasie**
**Tel.:** 012 344 3960/1/2
**Faks:** 012 344 5480
**Posbus** 11488, Hatfield, 0028
Farendenstraat 430, Sunnyside
**e-pos:** info@apa.ac.za
**Webblad:** www.apa.ac.za

**Gedruk en gebind deur:**
BusinessPrint

**Bladuitleg:** Melaney Langeveldt

**Uitgegee deur:**
Lig in Duisternis UITGEWERS
www.liginduisternis.co.za



# Die uitdaging(s) van 'n veranderde werklikheid

Ds. Schalk Strauss

**'n Veranderde werklikheid is nie meer vreemd vir Suid-Afrikaners nie. Oor die afgelope 30 jaar het ons werklikheid al verskeie kere verander, dikwels ingrypend. Hierdie veranderings is nie beperk tot die politieke terrein nie, maar sluit ook die kerklike lewe in.**

Ons behoud is natuurlik ons veerkragtigheid, want dit stel ons in staat om by die nuwe werklikhede aan te pas sonder om daardeur oorweldig te word. Die gevaar is egter groot dat die aanpassings wat ons maak, bloot pragmaties is en dat ons in die proses sekere beginsels prysgee.

**Die reformatoriese slagspreuk *ecclesia reformata semper reformanda* ('n gereformeerde kerk reformeer voortdurend), beklemtoon ware Christelike veerkragtigheid. Dit behels die vermoë om Skrifgetrou op die veranderde werklikheid te reageer sonder om noodwendig daarby aan te pas.**

## Die nuwe werklikheid

Die nuwe werklikheid waarmee gelowiges op kerklike terrein te doen het, hou hoofsaaklik verband met ideologiese of, in kerklike taal, konfessionele skuiwe wat onder tradisioneel behoudende kerke in Suid-Afrika ingetree het. Hoewel die belydenisgrondslag van baie van hierdie kerke nog in teorie dieselfde is (Drie Formuliere van Eenheid), verskil die praktiese toepassing en interpretasie daarvan hemelsbreed.

Waar daar byvoorbeeld voorheen eenstemmigheid was oor die werklikheid van die vleeslike opstanding en wonderwerke van Jesus Christus, het daar oor die jare heelwat stemme vanuit behoudende Afrikaanse kerke opgegaan wat hierdie waarheid betwis. Waar daar voorheen eenstemmigheid was dat selfdegeslagverhoudings sonde is, word daar nou in sommige kerke daarvoor ruimte gemaak en selfs formuliere opgestel vir hulle wat kies om in sulke verhoudings saam te leef. Waar daar voorheen eenstemmigheid was oor die toepassing van die tug op hulle wat in sonde volhard en in buite-egtelike verhoudings saamleef, word daar deesdae 'n blinde oog gegooi en word saamblyverhoudings selfs geregverdig. Waar daar voorheen eenstemmigheid was dat Jesus Christus die enigste weg tot verlossing is, gaan daar deesdae stemme op wat daarvoor pleit dat Moslems en Jode byvoorbeeld ook as Christene se broers en susters beskou word. In baie kerke word daar vir hierdie uiteenlopende standpunte "ruimte" gemaak.

Hoewel kerke dus in wese dieselfde belydenisskrifte het wat veronderstel dat hulle eenstemmig oor die kernwaarhede van die Bybel is, bewys die praktyk die teendeel. Dit is veral problematies wanneer dit kom by die besluit om aansoekers uit ander kerke as lidmate, en uiteindelik tot die nagmaal, toe te laat.

**Om saam die nagmaal te vier, impliseer immers 'n bepaalde eenheid in Christus aangesien ons deel het aan dieselfde brood (vgl. 1 Kor. 10:17).**

## Kerkordelike uitdagings

Volgens die AP Kerk se kerkorde (bepaling 43C), kan "besoekende, ongesensureerde belydende lidmate van ander AP kerke (gemeentes) of van gemeentes van ander erkende gereformeerde kerke, tot deelname toegelaat word, mits hulle vooraf by die ouderlingeraad aansoek gedoen het en die ouderlingeraad positiewe ... getuienis oor die aansoeker ontvang". Volgens sinodebesluit word slegs die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika en die Gereformeerde Protestantse Kerk Brakpan as "erkende gereformeerde kerke"

beskou aangesien hulle dieselfde belydenisskrifte as ons onderskryf.

Weens die veranderde werklikheid waarmee ons egter gekonfronteer word, laat dit ons tans met bepaalde uitdagings en vrae. Volgens hierdie besluit sou besoekers uit ander gereformeerde kerkverbande, soos byvoorbeeld die Presbiteriaanse Kerk, nie in die AP Kerk tot die nagmaal toegelaat word nie. Dit, ten spyte daarvan dat hul belydenis met ons s'n ooreenstem, al onderskryf hulle ander gereformeerde belydenisskrifte as die Drie Formuliere van Eenheid, soos byvoorbeeld die Westminster Geloofsbelydenis of die Tweede Helvetiese Geloofsbelydenis. In baie gevalle is hierdie kerke in belydenis nader aan ons as baie van die tradisioneel Afrikaanse kerke.

'n Tweede kerkordelike uitdaging waarmee ons gekonfronteer word, is dat lidmate uit erkende gereformeerde kerke op grond van goeie getuienis van hul plaaslike ouderlingeraad tot die nagmaal toegelaat behoort te word. Toegegee, die opstellers van hierdie artikel in die *Kerkorde* het van die veronderstelling uitgegaan dat sodanige getuienis betroubaar behoort te wees aangesien die wese van kerkwees, wat die toepassing van die kerklike tug insluit, op grond van die belydenisskrifte dieselfde behoort te wees. Dus, dieselfde dinge sal as sonde beskou word en dit sal op 'n soortgelyke wyse hanteer word.

In vandag se kerklike samelewing is dit egter nie 'n uitgemaakte saak dat jy 'n betroubare en konsekwent Bybelse getuienis oor 'n aansoeker se leer en lewenswandel sal kry nie. 'n Voorbeeld sal dalk help om die saak duidelik te maak. Veronderstel iemand doen aansoek om nagmaalsgebruik vanuit 'n erkende gereformeerde kerk waarin homoseksuele verhoudings en verbintenisse as Bybels beskou word. Indien daardie ouderlingeraad gevra sou word om getuienis oor hul lidmaat se leer en lewe te lewer, sou hulle waarskynlik getuig: Hy is suiwer in leer en lewe. Dit, terwyl die lidmaat eintlik saamstem met sy kerk dat selfdegeslagverhoudings en -verbintenisse nie sonde is nie. Dit is iets wat lynreg teen die Skrif indruis en die ouderlingeraad sou onverantwoordelik wees om so iemand toegang tot die nagmaal te gee.

Kerkregtelike uitdagings soos hierdie vra dus besinning sodat ons Skriftuurlik daarop kan reageer. Dit is waarom ons die nagmaal as tema vir die Hervormingsuitgawe gekies het.

### Klem op die individu

By 'n hele paar sinodes is die vraag al geopper en na verskillende kommissies verwys vir besinning: Watter kerke se lidmate kan nog sonder om gekatkiseer te word, as lidmate in AP kerke opgeneem en dus tot die nagmaal toegelaat word? Dit het al tot heelparty studiestukke oor die saak aanleiding gegee, maar geen sinode kon nog by 'n bevredigende antwoord uitkom nie.

Miskien is een van die grootste hindernisse die feit dat ons soms met 'n skeefgetrekte kerkbegrip werk waarvolgens ons die kerkverband in plaas van die plaaslike kerk as "kerk" beskou. Wanneer 'n mens terugkyk in die kerkgeskiedenis, dan was die klem baie meer op die individuele gelowige se belydenis en lewenswandel.

Calvyn skryf dat om alles en almal sonder diskriminasie tot die nagmaalstafel toe te laat, nie deur die Here geduld word nie. Daarom behoort niemand dus aanstoot te neem wanneer sy Christelike geloof noukeurig getoets word, voordat hy tot die sakrament van die nagmaal toegelaat word nie. Martin Bucer sluit by Calvyn aan wanneer hy sê dat predikante die nagmaal slegs moet bedien aan diegene waarvan hulle oortuig is dat hulle heilig en ooreenkomstig God se Woord lewe. Die klem is dus op die individu en die kriteria is dié wat ook in die Heidelbergse Kategismus (vgl. v/a 81-82) gestel word: Dié wat hulle in belydenis en lewenswandel as ware gelowiges betoon.

In die beginjare van die Reformasie het gereformeerde sinodes by meer as een geleentheid hierdie belangrike saak in hul besluite oor die nagmaal beklemtoon. In dié verband stel artikel 61 van die Dordtse Kerkorde dat slegs hulle wat die gereformeerde geloof bely en wat Godvresend leef, tot die nagmaal toegelaat mag word. Die Konvent van Wesel het byvoorbeeld in 1568 die volgende besluit oor toelating tot die nagmaal geneem (vry vertaal):

> **"Niemand sal tot die nagmaal toegelaat word nie tensy so iemand sy/haar geloof vooraf**

bely het en hom/haar aan die kerklike tug onderwerp. Dié wat tot die nagmaal toegelaat wil word, moet agt dae voor die nagmaal by die leraar aanmeld."

Die doel hiervan was dat die ouderlinge genoeg tyd kon hê om ondersoek in te stel na die egtheid van die aansoeker se belydenis en die Godvresendheid van sy lewenswandel. Sonder 'n openbare belydenis van hul geloof, is niemand tot die nagmaal toegelaat nie.

### Skrifgetroue besinning

Wanneer ons in hierdie uitgawe oor hierdie belangrike sake reformerend nadink, hoop ons dat dit ons tot Skrifgetroue besinning oor die saak sal aanspoor en dat ons sal waak teen 'n pragmatiese benadering wat die hiërargie van Skrif, belydenis en orde skeeftrek. In ons besinning behoort die Skrif en die belydenis voorrang te geniet sodat die orde binne die kerk in ooreenstemming daarmee gebring en daarvolgens gereël word.

Intussen behoort plaaslike ouderlingerade hul verantwoordelikheid as herders wat oor die kudde van die Here moet waak, met groot erns op te neem sodat die sleutels van die hemelryk met verantwoordelikheid gebruik word om ook uit eie geledere te weer hulle wat nie aan die vereistes van die Skrif vir deelname aan die nagmaal, voldoen nie. Mag hierdie uitgawe 'n biddende eerste tree tot 'n veerkragtige, Skrifgetroue reaksie op ons veranderde werklikheid wees.

**AMPTELIK**

## LERAARS

### Beroepe ontvang

Ds. Danie Malan (emeritus) na Hoëveldrif (beperkte dienstermyn).

### Beroepe aanvaar

Ds. Danie Malan (emeritus) na Hoëveldrif (beperkte dienstermyn). Bevestiging: 14 September. Intreepreek: 15 September.

## LIEF EN LEED

Broer Danie Behrens van die Gemeenskaplike Kerkkantoor is op 4 September oorlede. Hy het vir 24 jaar by die Gemeenskaplike Kerkkantoor gewerk. Ons bid sy naasbestaandes die troosryke nabyheid van die Here toe.

## SKOOLKWARTALE 2025


Eerste kwartaal: 15 Januarie – 28 Maart
Tweede kwartaal: 8 April – 27 Junie
Derde kwartaal: 22 Julie – 3 Oktober
Vierde kwartaal: 13 Oktober – 10 Desember

## CVO-SKOOLKWARTALE 2025

Eerste kwartaal: 15 Januarie – 4 April
Tweede kwartaal: 22 April – 27 Junie
Derde kwartaal: 21 Julie – 3 Oktober
Vierde kwartaal: 13 Oktober – 10 Desember

## FEES- EN OPENBARE VAKANSIEDAE* 2025

| | |
|---|---|
| **1 Januarie*** | Nuwejaarsdag |
| **21 Maart*** | Openbare vakansiedag |
| **18 April*** | Goeie Vrydag |
| **20 April** | Paassondag |
| **21 April*** | Gesinsdag |
| **6 April** | Van Riebeeckdag |
| **27 April*** | Openbare vakansiedag |
| **28 April*** | Openbare vakansiedag |
| **1 Mei*** | Openbare vakansiedag |
| **29 Mei** | Hemelvaart |
| **31 Mei** | Republiekdag |
| **8 Junie** | Pinksterfees |
| **16 Junie*** | Konsentrasiekampdag |
| **9 Augustus*** | Openbare vakansiedag |
| **14 Augustus** | GRA-dag |
| **24 September*** | Openbare vakansiedag |
| **10 Oktober** | Krugerdag |
| **26 Oktober** | Hervormingsfees |
| **16 Desember*** | Geloftedag |
| **25 Desember*** | Christusfees |
| **26 Desember*** | Openbare vakansiedag |



# Die nagmaal[1]

**JC Ryle**[2]

*Maar die mens moet homself beproef en só van die brood eet en uit die beker drink* (1 Kor. 11:28).

Vir Christene is die nagmaal baie kosbaar en belangrik. Dit word egter dikwels verkeerd verstaan. Ek hoop dus om 'n paar eenvoudige Bybelse waarhede uit te lig sodat ons dit beter kan waardeer.

## Waarom is die nagmaal ingestel?

Die nagmaal is daar om ons te herinner wat Christus aan die kruis vir ons gedoen het. Die brood herinner ons aan sy liggaam wat aan die kruis vir ons sondes gely het, terwyl die wyn ons aan sy bloed herinner wat vir ons gestort is. Deur die brood en wyn te gebruik, word ons ook herinner aan die gevolge van dit wat Jesus vir ons gedoen het.

Hier moet ons baie versigtig wees om nie verder as die Bybel te gaan en dinge in te lees wat nie daar staan nie, maar ook om nie dit wat die Bybel sê, te verskraal nie. Daar is vier plekke waar ons oor die instelling van die nagmaal lees: Matthéüs, Markus, Lukas en 1 Korinthiërs. Paulus en Lukas gee ook vir ons die rede waarom ons Here sy dissipels beveel het om die brood en die beker te gebruik. Hulle sê beide: *Doen dit tot my gedagtenis* – dus "onthou!" Deur die Heilige Gees voeg Paulus dan by: *Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom* (1 Kor. 11:26; vgl. Lk. 22:19). As die Skrif so duidelik praat, waarom kan mense nie tevrede wees daarmee nie? Waarom moet ons 'n onderwerp wat in die Nuwe Testament so eenvoudig is, iets misterieus en verwarrend maak?

Dit gaan dus oor onthou! Dit is die groot doel waarvoor die nagmaal ingestel is. Die vraag is: Maak dit sin dat die Here so 'n groot seremonie sal gee vir iets so klein soos "om te onthou"? Absoluut! Christus se dood is die belangrikste gebeurtenis in sy aardse bediening, want daardeur is ons van ons sondes gereinig. Al die diereoffers het die mense met verwagting vooruit laat kyk na die groot offer wat Christus sou bring. Om nou terug te kan kyk, is net so belangrik. Sonder sy versoeningsdood sou ons die ellendigste van alle skepsels gewees het.

Ons moet egter beklemtoon dat die nagmaal op geen manier 'n offer is nie. Jesus is reeds geoffer en dit was genoeg. Die brood is dus nie sy liggaam nie en die wyn nie sy bloed nie. Die Bybel leer ons tog dat sy liggaam en sy bloed aan die regterhand van die Vader is en die tekens van die nagmaal herinner ons simbolies daaraan.

## Wie mag die nagmaal gebruik?

***Kom ons kyk eers wie die nagmaal nié mag gebruik nie:***

1 Nie almal wat sê dat hulle glo, behoort die nagmaal te gebruik nie. Die Bybel stel sekere voorwaardes vir nagmaalsgebruik. Om almal in die gemeente aan te moedig om die nagmaal te gebruik asof dit op sigself iets goeds vir hulle gaan beteken, is onskriftuurlik. Die mens moet homself ondersoek voordat hy van die brood eet en uit die beker drink! Die liggaam van Christus moet onderskei word. As jy dus nie voorbereid is nie of nie die nagmaal verstaan nie, mag jy dit nie gebruik nie. Ons moet almal wat sê dat hulle glo, oproep om voor te berei om die nagmaal te gebruik, maar ons mag nie onvoorbereid na die tafel kom nie.

2 Sondaars wat in openlike sonde volhard. Om in sonde te volhard en dan die brood en die wyn te gebruik, is 'n belediging vir Christus en sy evangelie. Dit is skynheilig om te sê dat jy Christus se dood onthou, terwyl jy die sonde liefhet waarvoor Hy móés sterf. As jy met daardie sonde volhard, mag jy die nagmaal nie gebruik nie. Om met onbelyde en

doelbewuste sonde in jou lewe na die tafel van die Here te gaan, is een van die ergste dinge wat jy kan doen, en dit verhard jou gewete. As jy nie die begeerte het om met 'n spesifieke sonde te breek nie, durf jy die nagmaal nie gebruik nie. ... *wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself* ... (1 Kor. 11:29).

3 Mense wat op hul eie werke vir redding staatmaak, mag ook nie by die tafel van die Here aansit nie. Met hierdie sakrament verklaar ons tog dat ons geen goedheid, geregtigheid of waardigheid van ons eie het nie en dat al ons hoop in Christus is. Ons verklaar dan dat ons skuldig, sondig en verdorwe is en dat ons God se toorn en veroordeling verdien. Dit is slegs op grond van Christus se geregtigheid en sy verdienste wat ons God se liefde ontvang. Geen selfregverdigende mens hoort aan die tafel van die Here nie.

**Kortom:** Die nagmaal is bestem vir die lewendes, nie die dooies nie. Om aan 'n geestelike feesmaal deel te neem, moet 'n mens 'n geestelike hart, smaak en aptyt hê. Dit is dwaas om te dink dat die tafel van die Here iemand wat geestelike dood is, kan bevoordeel, net soos dit dwaas is om 'n dooie liggaam te probeer voed. Die nagmaal kan niemand bekeer of regverdig nie. Om iemand wat nie waardig is nie, aan te moedig om die nagmaal te gebruik, is verkeerd en vernietigend.

## *Wie moet die nagmaal gebruik?*

Diegene wat hulleself ondersoek het, berou oor hul sonde het en volhardend na 'n nuwe lewe streef, wat in God se genade deur Jesus Christus glo, en wat sy liefde teenoor alle mense uitleef.

'n Waardige deelnemer vertoon drie kenmerke: berou, geloof en liefde. Haat jy werklik sonde en het jy berou daaroor? Vertrou jy Jesus Christus as jou enigste hoop vir redding? Leef jy liefdevol teenoor ander? As jy "ja" op al hierdie vrae kan antwoord, is jy Skriftuurlik gekwalifiseerd vir nagmaalsgebruik en kan jy met vrymoedigheid aansit. Jou bekering mag dalk onvolmaak wees, maar is dit eg? Jou geloof mag swak wees, maar is dit eg? Jou liefde mag gebrekkig wees, maar is dit eg? Die ware toets van jou Christenskap is nie die hoeveelheid heiligheid wat jy besit nie, maar of jy enigsins wáre heiligheid het. Die eerste deelnemers aan die nagmaal was swak in hul kennis, geloof, moed, geduld en liefde, maar al was hulle swak, was hulle opreg.

Ons mag nie iemand wat onwaardig is, aanmoedig om die nagmaal te gebruik nie. As jy jouself nie ondersoek het nie, as jy in jou sonde volhard, of as jy dink dat jy Christus nie regtig nodig het nie, het jy geen plek aan die tafel nie. Net so mag ons egter ook nie iemand weerhou totdat sy hart volmaak rein is nie. Jesus het dit nie gedoen nie, ons mag ook nie.

## Watter seën bring die nagmaal ons?

Die nagmaal word dikwels verkeerd verstaan. Baie mense glo dat hulle seën sal ontvang deur bloot daaraan deel te neem. Aanbidding sonder begrip, is egter waardeloos. Baie reken ook dat die gebruik van die nagmaal hulle sal help om hemel toe te gaan en van hul sonde ontslae te raak. Die nagmaal is nie iets wat 'n mens voor God regverdig maak of veroorsaak dat jy tot bekering kom nie. Die nagmaal dien eerder tot versterking en verkwikking van die siel. Deur dit met die regte gesindheid te gebruik, kan 'n mens nader aan Christus kom en duideliker sien hoeveel genade Hy ons bewys het.

## *Voordele van deelname aan die nagmaal:*

- Dit verneder die siel deur ons te herinner aan die erns van sonde, dat niks minder as die dood van die Seun van God nodig was om ons daarvan te verlos nie. Daarom moet ons die nagmaal met groot nederigheid benader.
- Dit laat die siel "bokspring". Die brood en wyn herinner ons aan die hoë prys wat betaal is vir ons verlossing, en dat ons niks hoef te vrees nie aangesien ons skuld ten volle deur Christus betaal is. God kan tegelyk regverdig, en regverdiger wees teenoor hulle wat in Jesus Christus glo (vgl. Rom. 3:26).
- Dit help ons om heilig te lewe. Dit herinner ons hoeveel ons aan God verskuldig is en dit inspireer ons om met groter oorgawe vir Hom te leef. Dit laat jou sê: "Onthou wat Christus vir mý gedoen het, en daar is niks te groot vir Hom om te doen nie!"
- Dit het 'n sondebeperkende uitwerking op die siel. Deur gereeld aan die nagmaal deel te neem, word dit al moeiliker om te sondig. Ons wil Christus nie meer smaad aandoen nie!

**Ter opsomming:** Deelname aan die nagmaal verdiep jou berou, versterk jou geloof, vergroot jou kennis, versterk die begeerte

1. Oorspronklik: "The Lord's Supper" (1878). Vry vertaal deur ds. HJ Dafel. Redaksioneel verkort.
2. Leraar uit die Engelse Puriteinse tradisie.

Vervolg op bl. 10 »



# Voorbereiding vir die nagmaal[1]

**Dr. Joel R Beeke**

**Nagmaalsvoorbereiding behels 'n paar stappe. Die eerste stap is om te besef dat voorbereiding nodig is, dat daar tyd daarvoor opsy gesit moet word, en dat dit toegewyd geprioritiseer moet word.[2] Kies soos Maria, "die goeie deel" (vgl. Lk. 10:42). Om oor Bybelse waarhede na te dink en ons harte voor te berei, is ernstige sielsbesigheid wat moeite, tyd en werk verg. Om 'n oorvloedige geestelike oes van godsvrug te maai, verg dat ons ons braakland breek en met geduld saai (vgl. Hos. 10:12).**

Wilhelmus à Brakel skryf: "In die natuurlewe skenk God tydelike seëninge slegs deur die gebruik van middele; Hy doen dieselfde in die geestelike lewe. Daarom, as jy hierdie dinge begeer, soek aktief daarna."[3] In aanloop tot die nagmaal moet jy jou toewydingsoefeninge vermeerder en vasbeslote wees om vir deelname voor te berei. Wees veral op jou hoede vir ongeloof en Satan se aanvalle, wat moontlik kan toeneem, en enige poging om jou aandag jou voorbereiding af te lei.[4]

À Brakel sê voorbereiding vereis dat drie dinge geoefen word. **Eerstens**, "stimulasie van begeerte". Soos Dawid, moet daar by ons 'n "sterk begeerte" opgewek word om in God se teenwoordigheid met sy volk te wees. Ons moet aktief al die voordele van die nagmaal oordink om 'n verlange op te wek om meer volkome met God in Christus in sy "binnekamers" (vgl. Hoogl. 1:4) gemeenskap te hê. "Die ontmoetingsplek waar die nagmaal bedien word, is op daardie oomblik niks minder nie as 'n hemelpoort," soos Jakob in Bet-el uitgeroep het (vgl. Gén. 28:16-17). "Dit is daar waar die Heilige Gees aktief is en die siel met lig, genade, en troos vul."[5] Ons moet ons geestelike eetlus opwek en "ons monde oopmaak" sodat ons "gevul kan word met al die volheid van God" (vgl. Ps. 81:10; Efés. 3:19).

Die **tweede** aspek van voorbereiding is selfondersoek. Dit word uitdruklik deur Paulus beveel as noodsaaklik om seën te verseker en te verhoed dat ons 'n oordeel oor onsself eet en drink (vgl. 1 Kor. 11:28-29).[6] Dit is nodig omdat die nagmaal nie veronderstel is om deur onbekeerdes ontvang te word nie, wat dan 'n "verskriklike oordeel" oor hulself eet en drink as hulle dit waag om inbreuk te maak. "Baie het 'n verkeerde persepsie van hulself" en "beskou hulself as geskik" terwyl hulle eintlik onder 'n wanindruk oor hul geestelike toestand verkeer. Hulle moet geleer word wat die kenmerke van waardige deelnemers sowel as van ware bekering is.[7]

Volgens Jonathan Edwards behoort selfondersoek voor die nagmaal die volgende vrae in te sluit:

1. Is jy besig om openlik te sondig? As jy uit gewoonte of opsetlik in rebellie teen die wil van God soos vervat in enige van sy gebooie leef, is jy nie geskik om aan te sit nie.
2. Is dit jou "ernstige voorneme om alle sonde te vermy en in gehoorsaamheid aan alle geopenbaarde gebooie te lewe" solank as jy leef? As jy van plan is om 'n sekere sonde te bely net sodat jy die tafel kan nader, net om daarna weer daartoe terug te keer, is jy oneerlik en nie geskik om te kom nie.
3. Koester jy 'n "gees van haat of jaloesie of wraak" teenoor jou naaste? As dit die geval is, maak die suurdeeg van boosheid en haat jou ongeskik om die heilige fees te vier.

4 Met watter motief kom jy? Is dit om geestelik te baat en in genade en heiligheid te groei, of om "een of ander tydelike voordeel of eer" te soek, soos om in die kerk aanvaar te word of om jou nie voor ander te skaam nie? Slegs suiwer en opregte motiewe is aanvaarbaar vir die Here wat mense se harte met alwetende oë van vuur beproef (vgl. Openb. 1:14).[8]

Gelowiges moet hul genadegawes sowel as hul vrugte ondersoek, en vra of die reddende kennis van Christus "op die hart en lewe inwerk en dit beïnvloed", en of hulle in genade groei of stagneer en terugval.[9] Hulle moet probeer om seker te maak oor hul geestelike toestand, of hulle gesond is of seer het, en hulle moet vaardig van die nagmaal en die voordele daarvan gebruik maak om hul groei in genade te bevorder.

Dit is wel so dat die selfondersoek van 'n gelowige se lewe altyd gemengde resultate oplewer. Dit is bitter medisyne, onaangenaam om te drink, maar met helende gevolge. Deur selfondersoek word ons verneder oor ons sondes, maar as dit reg gedoen word met die oog op Christus, kweek dit in ons groter dankbaarheid vir sy genade en 'n dieper afhanklikheid van sy bloed en geregtigheid (vgl. 1 Joh. 1:7, 9). Ons nader dus sy tafel met gebroke harte, maar met geneesde siele, ons verafsku sonde en waardeer die heerlike genade van die evangelie.

À Brakel noem die **derde** aspek van voorbereiding "geestelike versiering". Daarmee verwys hy na die deeglike voorbereiding van iemand se verstand, hart, en geestelike toestand. Hierdie terminologie kom uit die gelykenis oor die bruilofskleed in Matthéüs 22:1-14. À Brakel merk op: "Wanneer iemand 'n bruilof gaan bywoon, versier hy homself met die beste wat hy het. 'n Bruid sal haarself so goed as moontlik versier sodat sy vir haar man begeerlik kan wees en hom eer. Veel meer moet 'n gelowige dit doen sodat die Koning in sy skoonheid behae kan hê."[10]

Hierdie "versiering" bestaan uit verskeie geestelike aktiwiteite. Eerstens bestaan dit "in die verheldering van die historiese geloof deur stille bepeinsing en nadenke oor die hele werk van verlossing". Dit sluit in oordenking oor uitverkiesing, die verbond van verlossing, die werkverbond en hoe ons dit verbreek het, die koms van die Messias en veral sy dood en opstanding. Tweedens behels dit "'n poging om in 'n geestelike toestand te kom waardeur 'n mens 'n voorwerp van vrye genade kan wees".

**Ons moet nadink oor ons onwaardigheid van God se liefde (vgl. Lk. 15:21), met 'n "evangeliese geloof" ons oor ons sondes skaam (vgl. Esra 9:6; Ps. 51:3-4), die Here se roede vrees (vgl. Ps. 6:1), ons sonde ten volle bely (vgl. Ps. 32:5), met hartlike erns vir vergifnis en vrede in die gemoed bid (vgl. Ps. 51:1-2, 9), en ons harte tot die beloftes van God ophef (vgl. 1 Joh. 1:9).**

Derdens bestaan versiering in "'n herstel en vernuwing van die genadeverbond". Ons oordink die voorsiening van genade en gee "ons met erns en gewillig aan die Here Jesus oor asof ons dit nog nooit tevore gedoen het nie, en sê: 'Ek doen dit nou met my hele hart en deur hierdie verbond wil en sal ek lewe en sterwe.'"

Verder sê À Brakel dat versiering in die vierde plek "uit 'n opregte voorneme om 'n heiliger lewe te lei" bestaan; vyfdens uit respek en liefde vir Christus se kerk; en in die sesde plek "uit 'n hart wat met 'n liefde vir al God se kinders gedring word". Ten slotte is gesamentlike gebed en vas veral gepas gedurende hierdie tyd, aangesien die Here gesoek word ter wille van die uitstorting van sy Gees op sy kerk (vgl. Dan. 9:3; 1 Kor. 7:5; Hand. 4:24-31; 13:2).[11]

1. Met toestemming in Afrikaans vertaal deur ds. Schalk Strauss. Oorspronklik: Joel R. Beeke and Paul Smalley, *Reformed Systematic Theology, Volume 4: Church and Last Things* (Wheaton, IL: Crossway), 610-12.
2. À Brakel, *The Christian's Reasonable Service*, 2:589.
3. À Brakel, *The Christian's Reasonable Service*, 2:600.
4. À Brakel, *The Christian's Reasonable Service*, 2:569.
5. À Brakel, *The Christian's Reasonable Service*, 2:573.
6. Charles Hodge verduidelik die woord "damnation" (oordeel) wat in 1 Kor. 11:29 in die King James-vertaling voorkom: "Die woord "oordeel" (damnation), wat in ons weergawe gebruik word, beteken oorspronklik en duidelik bloot "veroordeling" en nie hopelose en finale "verderf" nie, wat die moderne en gewilde betekenis daarvan is. In die oorspronklike is die Griekse woord κρίμα sonder die lidwoord, en dus bloot "oordeel", nie "die oordeel" nie. Die betekenis is uiteraard dat die onwaardige eter skuld opdoen; hy stel homself bloot aan die oordele van God." Charles Hodge, *An Exposition of the First Epistle to the Corinthians* (New York: Robert Carter & Brothers, 1857), 232-33.
7. À Brakel, *The Christian's Reasonable Service*, 2:578-79.
8. Edwards, "Self-Examination and the Lord's Supper," in *WJE*, 17:267-69.
9. Flavel, *Works*, 6:289-90.
10. À Brakel, *The Christian's Reasonable Service*, 2:582.
11. À Brakel, *The Christian's Reasonable Service*, 2:589.



# Jonathan Edwards en die nagmaalskontroversie in Northampton

**Ds. Schalk Strauss**[1]

**Is die nagmaal 'n geestelike maaltyd waartydens die kerk die geleentheid het om haar gasvryheid met 'n ope uitnodiging teenoor die res van die wêreld te toon, of is dit 'n maaltyd waartydens die onderskeid tussen die kerk en die wêreld benadruk behoort te word?**

Hierdie vraag lê ten grondslag van die debat rondom die openheid of geslotenheid van die nagmaalstafel. Dit is egter nie 'n vraag wat uniek tot ons tyd is nie. Die beroemde Amerikaanse Puritein, Jonathan Edwards (1703-1758), het ook hiermee geworstel. Sy bestudering van die Skrif oor dié saak het hom uiteindelik so ongewild in die gemeente van Northampton gemaak, dat hy ná 23 jaar diens as leraar van die gemeente losgemaak is.

## Eerste gemeente

Nadat Edwards sy teologiese opleiding aan Yale Universiteit voltooi het, is hy in Februarie 1727 as medeleraar van die gemeente in Northampton, New England, bevestig. As jong leraar van uitsonderlike intellek het hy baie gou opgang gemaak. Sy reputasie as vooraanstaande teoloog is reeds op die jong ouderdom van 28 bevestig toe hy op uitnodiging op 8 Junie 1731 die preek "God Glorified in Man's Dependence" tydens die aanvang van Harvard Universiteit se akademiese jaar gelewer het.

Sy medeleraar in Northampton was niemand anders nie as sy oupa aan moederskant, Solomon Stoddard. Hy was 'n befaamde prediker en gerespekteerde teoloog wat 'n groot invloed op die jong Edwards gehad het. Edwards was bevoorreg om vir twee jaar, tot sy dood in 1729, onder sy mentorskap te staan. Hoewel Edwards veel aan sy oupa te danke het, was daar ook sake waaroor hulle verskil het. Die belangrikste daarvan was die kwessie oor toelating tot die nagmaalstafel.

## Die "Stoddard-manier"

Die kerk in New England het in 1662 'n kompromisbesluit geneem wat baie van die voorregte van lidmaatskap aan mense gegee het wat nie hul geloof in die openbaar bely het nie. Die belangrikste hiervan was dat hulle toegelaat is om hul kinders ten doop te bring. Diesulkes is dus al die voorregte van kerklidmaatskap gegun, behalwe toegang tot die nagmaalstafel. Hierdie kompromisbesluit het as die "Halfwegverbond" bekendgestaan en is hewig deur sommige teengestaan, maar is met verloop van tyd deur die meeste kerke aanvaar.

Stoddard was 'n voorstander van die Halfwegverbond. Die gevolg was dat die kerk baie gou twee soorte lidmate gehad het – dié wie se lewens van ware bekering getuig het en tot die nagmaal toegelaat is, en dié wie se lewens geen getuienis van bekering getoon het nie en gevolglik nie tot die nagmaalstafel toegelaat is nie.

Binne 'n paar jaar het die onvoorsiene egter gebeur: Die tweede groep, bekend as die "nieverbondslede", het meer geraak as die eerste groep, bekend as die "verbondslede". Ná 'n paar jaar se worsteling oor die saak, het Stoddard in 1700 'n wysiging vir die bediening van die nagmaal voorgestel. Dit het behels dat die nagmaal aan alle lede van die gemeente wat aan die nagmaal wou deelneem, wedergebore sowel as onwedergebore lede, bedien moes word solank hul lewenswyse bo verdenking gestaan het. Hierdie voorstel het later as die "Stoddard-manier" (Mr. Stoddard's Way) bekendgestaan. Sy hoofrede vir hierdie verandering was dat dit kon help om die onbekeerdes tot bekering te bring.

Edwards het aanvanklik die status quo gehandhaaf, maar sy standpunt oor nagmaalstoelating het gaandeweg gegroei en 'n meer Skriftuurlike koers as dié van sy oupa ingeslaan. 'n Belangrike

katalisator vir die hervorming van sy standpunte was dít wat hy tydens die herlewingsperiodes in die Connecticut-vallei waargeneem het.

## Die Groot Herlewing (Great Awakening)

Gedurende sy leeftyd het Jonathan Edwards verskeie herlewings beleef. Die belangrikste hiervan was waarskynlik die Groot Herlewing van 1734-1736. Dit is opgevolg deur 'n tweede herlewingstyd vanaf 1740-1742. Hierdie herlewings word tot 'n groot mate aan die prediking van Puriteine soos George Whitefield, John Wesley en Jonathan Edwards toegeskryf. Beroemde preke van Edwards soos "Sondaars in die hand van 'n toornige God" ("Sinners in the hands of an angry God") en "'n Goddelike en bonatuurlike lig" ("A Divine and Supernatural Light"), het as katalisators gedien. Edwards was verstom oor die kragtige werking van die Heilige Gees wat mense tot bekering gebring het. Dit was 'n bloeitydperk vir die kerk met 'n toestroming van nuwe bekeerlinge.

Anders as baie van sy tydgenote, was Edwards nie skepties oor die herlewing nie. Hy het dit as 'n daad van God beskou. Tog was hy nie naïef nie en het baie gou besef dat nie almal wat op die een of ander geestelike ervaring aanspraak maak, waarlik tot bekering gekom het nie. Hy het die situasie bestudeer en uiteindelik sy gevolgtrekkings in verskeie studiestukke gepubliseer waarin hy die aard van ware bekering uiteengesit en Skriftuurlik verdedig het: *A Faithful Narrative of the Surprising Work of God* (1737), *Charity and its Fruits* (1738), *Concerning the End for which God Created the World* (nadoods in 1765 gepubliseer), *On the Nature of True Virtue* (nadoods in 1765 gepubliseer), *The Distinguishing Marks of a Work of the Spirit of God* (1741), en *Some Thoughts Concerning the Present Revival of Religion in New England* (1742) en sy groot werk, *Religious Affections* (1746).

Dit is teen hierdie agtergrond en nadenke dat Edwards se siening oor toelating tot die nagmaal gegroei het. Hy het besef dat nie almal wat op 'n geestelike ervaring aanspraak maak, waarlik gered is en dus aan die nagmaalstafel toegelaat kan word nie. 'n Openbare belydenis van geloof in Jesus Christus was nodig – selfs al was jy gedoop en het in die kerk grootgeword.

## Stryd in Northampton

Hoewel die ongelukkigheid in Northampton oor meer as net toelating tot die nagmaal gegaan het, kan dit as die kern van die onenigheid beskou word. Twee sake het uitgestaan: Die toepassing van die kerklike tug op kerklidmate wat openlik in sonde leef en dus van die nagmaal weerhou moes word, sowel as die vereiste dat niemand die voorregte van lidmaatskap, soos die gebruik van nagmaal, kan hê sonder om sy geloof openlik te bely en 'n lewe van godsvrug en godvresendheid te vertoon nie.

Die onenigheid het in 1748 begin toe Edwards 'n aansoek om lidmaatskap ontvang het. Hy het die persoon versoek om sy geloof in Jesus Christus in die openbaar te bely as voorwaarde vir lidmaatskap en nagmaalsgebruik. Die persoon was egter nie daarvoor te vinde nie. In 1749 het Mary Hulbert om lidmaatskap aansoek gedoen. Ná gesprek met Edwards, was sy bereid om rekenskap van haar geloof te gee, maar toe Edwards dit aan die kerkraad voorhou, het 12 van die 15 kerkraadslede gevoel dat dit bevooroordeeld van die kerkraad sou wees om oor die egtheid van iemand anders se geloof te besluit.

Edwards het die kerkraad versoek om sy standpunte oor die saak in sy preke te verduidelik en vanuit die Skrif te verdedig, maar dit is geweier. Hulle het hom aangeraai om dit op skrif te stel. Edwards het aan die werk gespring. Hy het tydens sy weeklikse lesings (op Donderdae) sy saak verdedig, maar die lesings is deur meer besoekers as lidmate bygewoon. In 1749 verskyn *An Humble Inquiry into the Rules of the Word of God Concerning the Qualifications Requisite to a Complete Standing and Full Communion in the Visible Christian Church* waarin hy sy standpunte aan die hand van die Skrif uiteensit. Na aanleiding van teksgedeeltes soos Handelinge 11:28 het hy geargumenteer dat elkeen wat nagmaal wou gebruik, hulself hartlik en deeglik moes ondersoek om seker te wees hulle glo waarlik in Christus as hul Verlosser en dat hulle Hom as die hoogste "goed" beskou. Hy was oortuig dat slegs hulle wat in belydenis en in lewenswandel die Christelike kerk van hul geloof en godvrugtige lewenswandel kon oortuig, volwaardige kerklidmate met toegang tot die nagmaalstafel kon word.

Hierdie uiteensetting en verduideliking kon sy kerkraad egter nie oortuig nie. Toe daar tydens 'n gemeentevergadering oor die saak gestem is, het slegs 23 van die 230 manlike lidmate (wat stemgeregtig was) hom

ondersteun. Op grond van hierdie vergadering het die kerkraad op 19 Junie 1750 ook oor die saak gestem en met ’n meerderheid van een stem besluit dat die band met Edwards losgemaak moes word.

### Gevolgtrekking

Hierdie stukkie geskiedenis beklemtoon ’n belangrike saak: Die nagmaal is nie bedoel om ’n gasvryheidsmaaltyd te wees waarby almal welkom is nie. Dit is ’n maaltyd waar die onderskeid tussen die kerk en die wêreld, dié wat waarlik deel het aan Christus en dié wat nie aan Hom deel het nie, beklemtoon word. Dit is ’n sigbare onderskeid. Dit vereis, soos die Heidelbergse Kategismus (So. 30 v/a 82) dit stel, dat slegs diegene aan die nagmaalstafel toegelaat word wat hul geloof in Jesus Christus in die openbaar bely en dit met ’n godvresende lewenswandel bevestig. Dit vra dat die kerk (ouderlingeraad) ’n oordeel moet vel.

Om hierdie rede laat ons dooplidmate in ons kerke verbondsonderrig deurloop. Hulle word nie bloot tot die tafel toegelaat omdat hulle gedoop is nie. Ons verwag van hulle om ná jare se onderrig, die kerk van hul geloof in Jesus Christus en hul godvresende lewenswandel te oortuig en dit in die openbaar te bely. Dán eers word hulle aan die tafel van die Here toegelaat.

Dit laat ons uiteindelik met ’n belangrike vraag: Is ons vereistes vir dooplidmate se toelating tot die nagmaalstafel nie strenger as wat ons vir besoekers het nie?

---

« Vervolg vanaf bl. 5

## Die nagmaal

om heilig te lewe en inniger gemeenskap met die liggaam en bloed van Christus te ervaar. Dit gee jou ’n helderder begrip van jou verhouding met Christus en help jou om jou eenheid met Christus beter te verstaan. Dit voed jou geestelike lewe en help jou om in genade te groei. Vir ’n nie-Christen mag hierdie dinge dwaas lyk, maar vir ’n ware Christen bring dit lig, lewe en vrede voor God.

### Toepassings

Baie Christene weier deelname aan die nagmaal, wat openlike ongehoorsaamheid aan Christus se bevel is. Redes hiervoor sluit in oningeligtheid oor die Christelike geloof, sonde, vrees vir verantwoordelikhede, ’n gevoel van onwaardigheid, of omdat hulle sien hoe ander die nagmaal op ’n onwaardige wyse gebruik. Dit is egter belangrik om te onthou dat die nagmaal bedoel is vir sondaars wat genade en barmhartigheid nodig het.

Ek sluit af met ’n paar belangrike waarskuwings:

1. Moenie die nagmaal verwaarloos nie. Dit is ’n sakrament wat Jesus Christus tot voordeel van gelowiges ingestel het. Hoe anders sal jy gereedmaak vir die oordeelsdag wat kom?
2. Moenie die nagmaal sorgeloos, oneerbiedig of uit gewoonte gebruik nie. Om werklik die seëninge van die Here se tafel te ontvang, moet ’n mens met ’n boetvaardige, gelowige en liefdevolle hart nader.
3. Moenie die nagmaal verafgod nie. Dit is baie belangriker om wedergebore te wees, tot bekering te kom, te glo, heilig te wees en genade te ontvang as om aan die nagmaal deel te neem. Die nagmaal versterk en bemoedig, maar dit red nie.
4. Gebruik die nagmaal gereeld; dit is noodsaaklik vir die welsyn van jou siel. Diegene wat dit ’n las vind om by te woon, moet die verhaal van Thomas onthou wat ’n seën weens afwesigheid misgeloop het!
5. Moenie iets doen wat jou belydenis in gedrang bring nie. Nadat jy by die tafel van die Here aangesit het, is dit belangrik om sonde te vermy. Mense het gesien dat jy jou aan Christus verbind. Wat moet hulle van Hom (en sy verlossing) dink as jy aanhou lieg en drink, as jy bly skel en selfsugtig net jou eie belange dien? Dié wat die nagmaal só gebruik, is ’n helper van die duiwel en ’n vyand van die evangelie.
6. Moenie wanhopig en neerslagtig raak wanneer dit vir jou voel of jy nie veel uit die nagmaal uit kry nie. Jy is dalk nie die beste een om hieroor te oordeel nie. Die wortels van jou siel is besig om te groei, al dink jy daar gebeur niks nie.

Ons is almal sondaars wat baie genade nodig het. Mag hierdie gedagtes ons harte fokus om met groter erns na die tafel van die Here te kom en sy genade te ontvang.

# SMELTOOND



• *Oktober 2024* •

**Deur Charlotte Möller**

# Christenatlete by die Paralimpiese Spele

Die openingseremonie van die afgelope Parys Olimpiese Spele laat steeds 'n wrang smaak by Christene. Hoe verblydend is dit dan om te lees dat 19 paralimpiese atlete van regoor die wêreld hul Christenskap onbeskaamd op sport se paralimpiese wêreldverhoog uitleef![1] Dink 'n mens na oor hierdie atlete se seges, maar ook die uiterste swaarkry wat daaragter lê, noop dit tot diepe dankbaarheid vir 'n eie gesonde liggaam.

Pieter du Preez, vyftienmalige wêreldkampioen in handfietsry, het 'n bronsmedalje by Parys Paralimpiese Spele ingepalm. In 2003 is Du Preez deur 'n motor getref terwyl hy besig was om fiets te ry. Hy het sy nek gebreek en die funksies in sy hande en vingers verloor. Tien jaar later het hy die eerste persoon met tetraplegie[2] geword wat 'n Ysterman-driekamp voltooi het. Hy het voortgegaan om goud in die tydtoets van die H1-wedren vir mans by die 2020 Tokio Spele te wen, al het hy die jaar tevore 'n ernstige skouerbesering opgedoen. "So ongeveer 'n week nadat ek my skouer gebreek het, het ek vir my vrou gesê: 'Dit is waarskynlik God wat vir my sê dat die goue medalje in Tokio myne is'," het hy vertel. Om sport te doen, is hoe hy tyd saam met die Here deurbring. "Wanneer ek oefen, 'ontsnap' ek en maak 'kontak' met God, veral op die langer, makliker oefensessies."

Hoe moet kinders van die Here oor liggaamlike gestremdheid besin?[3] (1) Alle mense is na God se beeld gemaak en verdien lewe en waardigheid. Alle mense, ongeag hul gebrokenheid, is geneties unieke mense wat lewe en waardigheid verdien. (2) Die sondeval raak elke deel van die skepping. Soms is gestremdheid die gevolg van sondige dade, maar meer dikwels is dit bloot die gevolg van die sondeval self, 'n bewys van die gebrokenheid van die skepping. (3) Alle mense is deur die sondeval "gestrem", sommige meer sigbaar as ander. Dit is bloot 'n graadverskil in gebrokenheid. (4) In sy soewereiniteit maak God nie foute nie. Ons lees: *En die HERE antwoord hom* [Moses]: *Wie het vir die mens die mond gemaak, of wie maak stom of doof, of siende of blind? Is dit nie Ek, die Here nie?* (Ex. 4:11). God maak nie verskonings vir toestande wat ons "gestremdhede" noem nie. Hy neem "krediet" daarvoor! (5) Soms beoog God gestremdheid as 'n manier om sy heerlikheid te vertoon. Johannes 9 herinner ons dat die jong man wat blind gebore is, se blindheid nie die gevolg van sy of sy ouers se sonde was nie. Hy is blind gebore sodat die werke van God in en deur sy lewe vertoon kon word. (6) Mense met gestremdhede herinner ons dat lyding ons meer leer as wat troos of plesier ooit kan. In die Weste glo ons dat die hele lewe daarom draai om pyn en lyding te vermy. Die Bybel leer ons egter dat diepgaande geloofsgroei en -volwassenheid die meeste deur die vuur van lyding kom. Mense met gestremdhede is dikwels ons kragtigste leermeesters. Swakheid en gebrokenheid is 'n fluistering wat ons herinner dat terwyl die lewe goed is, die belofte van die hemel ondenkbaar beter is. (7) God beweeg dikwels deur swakheid en lyding. Wanneer óns in ons krag, rykdom of wysheid leef en beweeg, begin ons vinnig onsself vertrou en nie God nie. Wanneer ons swak, gebroke, gestremd is, vind ons dat God op onverwagte maniere verskyn. God het Paulus met die doring in sy vlees gebruik. Baie keer word "die doring" die instrument wat God gebruik. (8) God se begeerte is dat sy banketsaal gevul word met *armes en verminktes en kreupeles en blindes* (Lk. 14:15-24). Ons kies diegene wat ons kan help om vorentoe te beweeg, mense wat geskenke, vermoëns en invloed bring, God nie. (9) Mense met gestremdhede het die evangelie nodig. Dikwels wil ons hulle beskerm of jammer kry. Maar alle mense het die goeie nuus van verlossing in Christus nodig. Mense met gestremdhede wil die waarheid hoor oor 'n hoop op die ewige lewe wat in Christus alleen gevind kan word. (10) Gestremdheid laat ons dieper verlang na verlossing van liggaam en siel. Een geskenk wat mense met gestremdhede aan die kerk bring, is 'n herinnering dat hierdie wêreld nie ons tuiste is nie. Die hele skepping smag na verlossing. Swakheid en gebrokenheid dien as 'n fluistering wat ons herinner dat terwyl die lewe goed is, die belofte van die hemel ondenkbaar beter is.😁

---

1. https://bit.ly/4ecxK6L
2. Verlamming en verlies aan motoriese funksie weens 'n ruggraatbesering.
3. https://bit.ly/3zjQhiF



# Die Hervormers en die nagmaal

**Dr. Adi Schlebusch[1]**

Die heilige nagmaal het 'n baie belangrike rol tydens die Protestantse Kerkhervorming van die 16de eeu gespeel. Een van die uitstaande kenmerke van die Hervorming was immers juis die verwerping van die Roomse nagmaalsbeskouing van transubstansiasie: Die idee dat die nagmaalsbrood en -wyn gedurende die viering van die nagmaal letterlik in die liggaam en bloed van Jesus verander. Daarteenoor het die Calviniste beklemtoon dat Christus nie liggaamlik in hierdie elemente self nie, maar op 'n besondere wyse deur sy Gees gedurende die nagmaalsviering teenwoordig is. Die Lutherse Hervormers het egter 'n ander leer, bekend as konsubstansiasie, voorgestaan. Hiervolgens sou Christus self op 'n besondere manier in die nagmaalsbrood en -wyn teenwoordig wees, maar sonder dat dit letterlik in sy liggaam en bloed verander.

## Aard

Dit is algemeen bekend dat die vroegste wrywing onder die Hervormers juis die gevolg van 'n geskil tussen Ulrich Zwingli (1484-1531) en Martin Luther (1483-1546) oor die nagmaal was. Teenoor Luther se konsubstansiasie het Zwingli 'n suiwer simboliese verstaan van die nagmaal voorgestaan en dit bloot as 'n herinneringsmaaltyd beskou. Interessant genoeg sou nie een van hierdie twee beskouings later deur die kerke van gereformeerde belydenis aanvaar word nie. In die Nederlandse Geloofsbelydenis (art. 35) bely ons immers teenoor Zwingli dat ons die "ware liggaam en ware bloed van Christus" ontvang, maar ook teenoor Luther dat ons dit nie via die elemente self ontvang nie, maar "met die Gees deur die geloof". In hierdie opsig het die Franse Calvinistiese Hervormer, Theodore Beza (1519-1605), tereg die nagmaal, en veral die teenwoordigheid van Christus in die nagmaal, as 'n "misterie" beskryf wat nie deur die sintuie opgetel of die rede begryp kan word nie. Beza beklemtoon daardeur dat hierdie sakrament en die geestelike voordele wat dit aan gelowiges bied, slegs deur geloof ontvang kan word. Die elemente self is egter onmisbaar omdat dit as't ware as 'n hefboom dien om ons na 'n hemelse realiteit op te lig. Dit is dus nodig omdat Christus nou liggaamlik in die hemel is en ons by wyse van hierdie hefboom deel kan kry aan sy liggaam en bloed.[2]

## Frekwensie

Interessant genoeg was Johannes Calvyn (1509-1564) van mening dat die nagmaal verkieslik weekliks tydens die erediens gevier behoort te word. Calvyn verstaan uit Handelinge 2:42 dat die eerste gemeente die nagmaal tydens elke byeenkoms gevier het en meen daarom dat weeklikse nagmaalsviering ideaal sou wees. Hy begrond dit in sy oortuiging dat die bediening van die nagmaal vir die vroegste gemeente net so integraal tot die erediens was as die bediening van die Woord.[3] Daarteenoor was Heinrich Bullinger (1504-1575) van mening dat die beslissing oor hoe gereeld die nagmaal gevier behoort te word, by die plaaslike gemeente berus. Hy meen dit is geoorloof om dit elke Sondag te vier, maar dit kan ook slegs 'n paar keer per jaar op spesifieke tye gevier word.[4]

## Toesig

Wat betref die toesig en toelating tot die heilige nagmaal, was al die Hervormers van mening dat slegs diegene wat in leer en lewe bewys van 'n ware geloof toon, toegang tot die sakrament behoort te hê. Calvyn meen dat lidmate van die kerk se leer en lewe deurlopend ondersoek behoort te word om te bevestig dat hulle waardig is en waardig bly om die sakrament te gebruik, en nie die toorn van God op te jaag deur die onregmatige gebruik daarvan nie. 'n Kerkraad[5] wat nie met hierdie doel voor oë noukeurig en deurlopend ondersoek doen aangaande die leer en lewe van lidmate nie, versuim ook hul

plig.[6] In Calvyn se Genève was daar twee verskillende vlakke van sensuur wat die kerkraad kon toepas op sondaars wat in hul sonde volhard. Die eerste vlak het bloot die weiering van toegang tot die nagmaalstafel behels. Die persone het in sulke gevalle steeds lidmate van die gemeente gebly en kon steeds aan al die ander gemeentelike aktiwiteite deelneem. Hierdie vorm van sensuur is dan ook baie dikwels ná 'n paar maande tot 'n jaar gelig sodra berou en bekering duidelik blyk. Wat die tweede vlak van sensuur betref, dui die historiese rekord dat dit inderdaad in Genève in slegs 2-3% van sensuurgevalle toegepas is, wanneer mense herhaaldelik geld steel, egbreek pleeg, iemand verkrag, of volhard daarin om dwaalleer openlik te verkondig. Hierdie erger vorm van sensuur het nie net tydelike afsnyding van die nagmaalstafel nie, maar volkome afsnyding van die gemeente behels.[7] Uit hierdie praktyke blyk dit in elk geval duidelik dat toegang tot die nagmaalstafel beskou is as iets wat beperk is tot slegs daardie lidmate van die liggaam van Christus wie se leer en lewe duidelik van hul opregte geloof getuig.

As 'n reël het die Hervormers ook slegs lidmate van die kerk wat reeds katkisasie voltooi en belydenis van geloof afgelê het, tot die nagmaalstafel toegelaat. Met die Sinode van Middelburg (1581) is ook bevestig dat gelowiges slegs toegang tot die nagmaalstafel kan hê indien hulle reeds hul geloof in die openbaar bely en hulself aan die opsig en tug van die kerkraad onderwerp het. Indien iemand blyk te dwaal in leer en lewe, behoort die kerkraad daardie lidmaat toegang tot die nagmaalstafel te weier.[8] Hierdie was die standaardgebruik in beide die Lutherse sowel as gereformeerde kerke.[9] Die enkele uitsondering op hierdie reël was die Duitse Hervormer, Wolfgang Musculus (1497-1563), wat ook teologiese professor aan die gereformeerde teologiese skool in Bern, Switserland was. In sy *Loci Communes Sacrae Theologiae* (1560) begrond hy die gebruik van die kindernagmaal in die Ou Testamentiese pasga en, anders as die meeste van die ander Hervormers, was sy oortuiging dat omdat kinders ook saam geëet het tydens die pasga, dit as riglyn vir die nagmaal behoort te dien. Hy het ook gemeen dat kinders reeds van 'n jong ouderdom af in staat is om selfondersoek te doen.[10] Wat egter opvallend is, is dat ook Musculus, nes die ander Hervormers, oortuig was dat die nagmaalstafel geslote behoort te wees vir diegene wat nie die suiwer godsdiens bely en beoefen nie. Hieroor was daar dus tydens die Hervorming eenstemmigheid. In die lig hiervan sou artikel 61 van die Dordtse Kerkorde van 1619 ook bepaal dat slegs diegene wat die gereformeerde leer bely en daardie belydenis uitleef, tot die nagmaalstafel toegelaat behoort te word.

## Geloofsversterking

Die Protestantse Hervormers het die sakrament van die heilige nagmaal verstaan as 'n onmisbare middel waardeur God die geloof van sy kinders versterk en ons eenheid met Christus en met mekaar bevestig. Dit is duidelik dat die sakramentsteologie van die Hervormers nie slegs bestaan het uit teoretiese bespiegelings oor die aard van die nagmaal en die elemente daarvan nie, maar 'n daadwerklike poging was om ook in die praktyk die nagmaal tot eer van God te vier, in lyn met die Godsopenbaring in die Skrif. Dit is gedoen met die doel om die gemeenskap van gelowiges by wyse van hierdie sakrament te versterk. Sonder uitsondering was die Hervormers oortuig dat die nagmaal sentraal staan in die lewe van die kerk as 'n heilige handeling wat heenwys na die verlossingswerk van Christus, en daadwerklik die gelowiges se band met mekaar versterk.

Die erns waarmee die Hervormers die vereistes vir deelname aan die nagmaal benadruk het, asook die konsekwentheid waarmee hulle by wyse van die tug toegang tot die nagmaalstafel beperk het, wys vir ons hoe belangrik hulle dit geag het dat lidmate van Christus se kerk se lewens deurlopend moet getuig van 'n opregte geloof, gerugsteun deur 'n openbare geloofsbelydenis en goeie werke.

1. Lidmaat van die AP Kerk Lichtenburg.
2. Beza, *Quaestiones Eucharisticae De praesentia & communione Christi in S. Coena* (Basel, 1589), 13-14.
3. Kyk Calvyn, *Institusie van die Christelike Godsdiens*, 4.17.44-46.
4. Bullinger, *Decades 5*.
5. Die Hervormers het nie 'n onderskeid tussen die kerkraad en ouderlingeraad getref nie. Wanneer hulle na "kerkraad" verwys, bedoel hulle die leraar en ouderlinge (wat ons as ouderlingeraad ken).
6. "Calvini Opera, vol.10" in *Corpus Reformatorum*, vol. 38, eds. G. Baum, E. Cunitz, E. Reuss (Brunswick, 1871), 258.
7. S.M. Manetsch, *Calvin's Company of Pastors: Pastoral Care and the Emerging Reformed Church, 1536-1609* (New York: Oxford University Press, 2013), 193-194.
8. Rutgers, *Acta van de Nederlandsche Synoden der Zestiende Eeuw* (Den Haag, 1889), 20.
9. Venema, *Children at the Lord's Table? Assessing the Case for Paedocommunion* (Grand Rapids: Reformation Heritage Books, 2009), 22.
10. Musculus, *Loci Communes Sacrae Theologiae*, 757.



# Toelating tot die nagmaal

**Ds. Jannie Bisschoff**[1]

Inklusiwiteit is een van die wagwoorde van ons dag. Niemand mag uitgesluit word nie, nie in die werksplek nie, nie op die sportveld nie en ook nie in die kerk nie. Juis daarom vind vele mense dit nie net vreemd nie, maar neem selfs aanstoot omdat die AP Kerk 'n geslote nagmaalstafel het waarby net sekere mense toegelaat word. Dit word gesien as diskriminerend, hoogmoedig en skynheilig. Mense redeneer: Is die kerk nie juis die plek waar almal met ope arms ontvang moet word nie? Waarom handhaaf die AP Kerk 'n geslote nagmaalstafel?

## Bybelse gronde

Dit is belangrik om te verstaan dat die geslotenheid van die nagmaalstafel in die Bybel gegrond is, en nie op menslike oorweginge nie. In 1 Korinthiërs 11:29 roep Paulus ons op om die liggaam van Christus te onderskei. Dit beteken dat ons met die nodige eerbied en erns aan die nagmaal sal deelneem, anders bring ons God se oordeel oor onsself, sê hy verder.

Aangesien Paulus ook in hierdie teks elke gelowige wat in die nagmaal deel, oproep om homself te ondersoek, is daar sommige wat reken dat die onus op die gelowige self rus. Elkeen moet homself eerlik ondersoek en self bepaal of hy in die nagmaal kan deel. Indien hy met 'n skoon gewete kan aansit, mag hy nie geweier word nie. Die toesig oor die Here se tafel berus dan slegs daarin dat die bedienaar van die sakrament die waarskuwings aangaande God se oordeel en die oproep tot selfondersoek, duidelik stel.

Hoewel selfondersoek in die voorbereiding vir die nagmaal belangrik is, is dit nie al wat die Woord oor hierdie saak sê nie. Paulus maak dit immers duidelik dat die nagmaal nie net 'n persoonlike saak is nie: ... *die beker van danksegging wat ons met danksegging seën, is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie die gemeenskap met die liggaam van Christus nie? Omdat dit een brood is, is ons almal een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood* (1 Kor. 10:16-17). In die nagmaal word ons dus ook aan Christus en aan mekaar verbind.

Die ouderlinge word geroep om in alles eerbaar op te tree en om alles in goeie orde te doen (vgl. Hebr. 13:18; 1 Kor. 14:40). Hul opdrag hou in om oor *die hele kudde waaroor die Heilige Gees julle as opsieners aangestel* het, te waak (Hand. 20:28). Daarom kan nagmaalstoelating nie eenvoudig aan die individu oorgelaat word nie. Dit is waarom kerke vanuit die gereformeerde tradisie oor die algemeen in die verlede die nagmaalstafel "omhein" het sodat dit net toeganklik was vir ongesensureerde lidmate van die eie gemeente. Enige ander persoon wat saam met 'n bepaalde gemeente nagmaal wou gebruik, moes eers vooraf by die ouderlingeraad van daardie gemeente aansoek doen om toegelaat te word.

## Die gebruik in die AP Kerk

Gegrond op God se Woord en in aansluiting by ons gereformeerde wortels, handhaaf die AP Kerk 'n geslote nagmaalstafel. Besoekers neem dikwels aanstoot omdat die ouderlinge vereis dat iemand aansoek moet doen voordat hy tot die nagmaal toegelaat word. Die rede vir 'n geslote nagmaal is weens die ernstige aard van Paulus se waarskuwings aan die Korinthiërs, en dus aan alle Christene. Ons het nie 'n geslote nagmaal omdat ons eksklusief is en dink ons is die enigstes wat gered word nie. Wanneer 'n besoeker nie tot die tafel toegelaat word nie, sê dit nie dat die persoon nie ons broer of suster in Christus is nie. Dit is ook nie 'n verklaring dat so iemand noodwendig op 'n onwaardige wyse aan die nagmaal sou deelneem of 'n oordeel oor hom-/haarself eet en drink indien hulle sou deelneem nie. Die nagmaal is geslote omdat dit mense is wat ons nie goed genoeg ken nie, en ons

die gemeente so wil beskerm. Dit is beter om versigtig te wees.

Die ouderlinge moet dus oor die tafel waak en seker maak dat daar nie skynheiliges en onbekeerdes aansit nie. Hulle sal eindelik aan die Here rekenskap moet gee oor die wyse waarop hulle oor die siele wat aan hulle toevertrou is, gewaak het (vgl. Hebr. 13:17). Die ouderlinge het die verantwoordelikheid om alles in hul vermoë te doen om ingelig te wees aangaande die geestelike stand van elkeen wat by die nagmaalstafel aansit. Daarom die verwagting dat ouderlinge voor die nagmaal huisbesoek doen, waartydens hulle moet seker maak of wykslede se leer en lewe in orde is. Ouderlinge het die verantwoordelikheid om alle mense tot opregte geloof op te roep.

## Besoekers by die nagmaal

Betreffende besoekers, kan hierdie opdragte oor die algemeen egter nie uitgevoer word nie. Gewoonlik ken die ouderlingeraad nie die persoon nie. Daarom moet die ouderlingeraad op die een of ander wyse getuienis oor besoekers se leer en lewe ontvang. Een so 'n getuienis is van die besoeker se eie gemeente. Die ouderling of predikant moet getuig dat die besoeker wel tot die nagmaal toegelaat kan word. Indien dit nie moontlik is nie, kan aansoekers uit ander AP kerke of uit die GKSA, NHK, NGK en die Gereformeerde Protestantse Kerk Brakpan toegelaat word tot die nagmaal, indien 'n ongesensureerde lidmaat van die plaaslike gemeente die persone ken en 'n positiewe aanbeveling oor hul leer en lewe kan maak (vgl. Handelinge 1995, (vgl. *Handelinge 1995*, bl. 327, pt. 1.2.1.2).

Waarom laat ons net lidmate van sekere kerke tot die nagmaal toe? Diesulkes het dieselfde belydenisskrifte as ons en op grond daarvan aanvaar ons dat hulle dieselfde as ons glo. Aangesien daar 'n eenheid in die nagmaal na vore kom (vgl. 1 Kor. 10:16-17), kan ons byvoorbeeld nie mense toelaat wat die kinderdoop of die uitverkiesing verwerp, werkheiligheid voorstaan, ensovoorts, nie. As ons saam met so 'n persoon nagmaal gebruik, sal ons eenheid vals wees. Ons sou natuurlik ook een van ons eie lidmate wat in sulke dwaalleer volhard, gesensureer en sodoende van die nagmaal weerhou het. Dit sou dus nie billik wees om 'n besoeker toe te laat wat hierdie dinge glo en leer, maar ons eie lidmate word die nagmaal geweier indien hulle dieselfde doen nie.

As ons vooraf weet dat ons besoekers gaan hê wat saam met ons die nagmaal wil gebruik, is dit ons verantwoordelikheid om ons wyksouderling betyds te kontak en getuienis aangaande die besoekers se leer en lewe te gee sodat die ouderlingeraad oor toelating kan besluit. Indien ons egter vooraf weet dat daardie besoekers nie saamstem met daardie belangrike dinge waaroor daar eensgesindheid behoort te wees nie, of hul lewens nie van geloof in Christus getuig nie, behoort ons ook in liefde vir hulle te kan verduidelik waarom die nagmaalstafel geslote is.

## Die pad vorentoe

Aangesien ons nog nie die volkomenheid van die hiernamaals betree het nie, is daar natuurlik ruimte vir verbetering. Ons kan byvoorbeeld nie meer aanvaar dat daar eenstemmigheid is tussen die AP Kerk en sommige van die kerke wat vroeër genoem is net omdat ons dieselfde belydenisskrifte het nie. In sommige van daardie kerke word die belydenisskrifte lankal nie meer onderskryf omdat hulle met die Bybel ooreenstem nie, maar slegs in soverre hulle met die Bybel ooreenstem. Die waarheid en betroubaarheid van die belydenisskrifte word dus relatief en subjektief. Uiteindelik word daar dikwels ook 'n streep deur die gesag van God se Woord getrek. Verder onderskryf sommige van daardie kerke ook ander belydenisskrifte (bv. Belharbelydenis). Aan die ander kant van die spektrum is daar weer sekere kerke wat nie presies dieselfde belydenisskrifte as ons het nie, maar tog in wese met ons ooreenstem (bv. die Presbiteriaanse Kerk). Op grond van ons huidige besluite mag besoekers uit daardie kerke tans nie saam met ons die nagmaal vier nie.

In verskeie gemeentes word daar reeds met hierdie sake geworstel. Sommige lê al hoe meer klem op die getuienis van eie lidmate aangaande besoekers. Ander beweeg in die rigting dat besoekers self meer intens ondersoek moet word betreffende hul leer en lewe. Daar is ook gemeentes wat die tafel geheel en al wil sluit om net eie lidmate en hoogstens lidmate van ander AP kerke toe te laat. Sommige lê weer meer klem op die eie verantwoordelikheid van elke nagmaalsganger. In die lig hiervan sal daar dus in die toekoms biddend en met groot versigtigheid en wysheid oor die toelating tot die nagmaal besin moet word.

1. Leraar van die AP Kerk Gordonia.



# Weer eers na binne: Die noodsaak van kerklike tug

**Ds. Martin Jordaan**[1]

**Die nagmaal is die sakrament waarmee die Here ons elke keer na die kruis terugneem: Jesus Christus moes gestraf word vir alles wat ons verkeerd doen sodat God nie nodig het om ons daarvoor te straf nie.**

Al wat vir ons oorbly, is God se liefde – dus beskerming en verhoring wanneer ons opreg bid. Dit eis egter van ons 'n lewende en hartlike verkeer met die Hom, soos wat die eerste gemeente in Jerusalem dit gedoen het. Daarom vier gelowiges sáám nagmaal as kerk van die Here en word weer van God se liefde en beskerming om Christus wil verseker. Ware gelowiges vier sáám nagmaal en leef daardeur eendragtig met God en sy kerk.

Die belangrikheid van die viering van die nagmaal word veral in 1 Korinthiërs 11:26 gestel: Elke keer wanneer ons die brood eet en die beker drink verkondig ons die dood van die Here totdat Hy kom. Die nagmaal teken vir ons op tasbare wyse die genade en liefde wat ons deel geword het deur die dood en opstanding van Jesus Christus.

## Waarskuwing van oordeel

By al die genade wat Hy aan ons bewys, stel die Here sy oordeel ondubbelsinnig en duidelik in 1 Korinthiërs 11:29. Hy waarsku ons dat ons nie op onwaardige wyse aan die nagmaalstafel moet aansit nie. Ons moet onsself eers ondersoek. Ons moet deeglik in ons eie binneste delf en kyk of daar dinge is wat afwyk van wat God van ons verwag (vgl. v. 27-28). Die Here waarsku ons ook dat as ons dit nie doen nie, ons skuldig sal wees aan die liggaam en bloed van die Here.

Ongeërgde mense is soos dié wat die Here gekruisig het. Hulle deel in hierdie mense se onverantwoordelikheid en dus ook in hul straf. Dit beteken dat dié wat sonder berou oor hul sondes aan die nagmaal deelneem, in dieselfde kategorie as die natuurlike mense val waarvan 1 Korintiërs 2:8 vertel, dat as hulle die Here geken het, hulle Jesus Christus nie sou gekruisig het nie. So iemand gaan verlore omdat hy die werke van God die Heilige Gees verwerp. Wie hom nie geheel en al aan die Here se gesag onderwerp omdat hy deur Hom gered is nie, is nie waarlik gered nie en kan dus in beginsel nie aansit om fees te vier oor die offer van en verlossing in Jesus Christus nie. Slegs iemand wat sy sonde besef, berou het daaroor en hom daarvan bekeer, kan werklik die nagmaalsteken en -seël van verlossing gebruik en daarvan lewe.

Wie nie bereid is om sy sondes voor God te bely en in die krag van die Heilige Gees daarteen te stry nie, wie in enige sonde volhard, is nie waardig om aan die tafel van die Here aan te sit nie en moet tot bekering kom sodat hy/sy weer voluit in die genade van die Here kan deel.

Die Heidelbergse Kategismus (So. 30 v/a 81) vra vir wie die nagmaal ingestel is. Die antwoord:

> **"Vir dié wat hulself vanweë hul sondes mishaag en tog vertrou dat dit hulle vergewe is om Christus wil, en dat ook die oorblywende swakheid, met sý lyding en sterwe bedek is; dié wat ook begeer om hoe langer hoe meer hul geloof te versterk en hul lewe te verbeter. Maar die huigelaars en dié wat hulle nie met 'n opregte hart tot God bekeer nie, dié eet en drink 'n oordeel oor hulself."**

Daarom dan tereg die vraag: "Moet ook diegene aan hierdie nagmaal toegelaat word, wat hulle

met hul belydenis en hul lewe as ongelowiges en goddelose mense gedra?" En die antwoord: "Nee, want so word die verbond van God ontheilig en sy toorn oor die ganse gemeente verwek. Daarom is die Christelike Kerk verplig, volgens die voorskrif van Christus en van sy apostels, om sulke mense deur die sleutels van die hemelryk uit te sluit, totdat hulle verbetering van hulle lewe bewys" (HK So. 30 v/a 82).

## Oordeel oor die individu én die gemeente

Uit 1 Korinthiërs 11:29-33 is dit duidelik dat die onverskilliges en ongelowiges 'n oordeel oor hulself eet en drink. Dit sal dus liefdeloos van 'n ouderlingeraad en gemeente wees om diesulkes nie te waarsku en selfs van die nagmaal te weerhou nie, om hulle sodoende teen God se oordeel te beskerm. Daardie liefdeloosheid van 'n gemeente en ouderlingeraad is self iets wat die Here as oordeelwaardig beskou. Daarmee saam sê die kategismus mos die verbond, wat deur die nagmaal uitgebeeld word, word ontheilig.

In Korinthe het dit tot gevolg gehad dat sommige in die gemeente siek geword en 'n aantal doodgegaan het, en dan skryf Paulus in vers 32:

> *Maar as ons geoordeel word, word ons deur die Here getugtig, sodat ons nie saam met die wêreld veroordeel mag word nie.*

Die Here oordeel die gemeente, 'n gemeente wat 'n ongekende aantal siekes en sterftes het: sodat hulle tot bekering kan kom, berou kan kry oor hul liefdeloosheid en gered kan word. Genade, o genade! Hoor die genade in die tugtiging van die gemeente: sodat óns nie saam met die wêreld veroordeel mag word nie!

Maar waarom is dit nodig dat die Here tot so 'n stap moet oorgaan? Omdat die gemeente die verbond verag het en die liefde laat verkoel het. Omdat hulle die adder van die sonde in hul boesem gedra het en daardeur die eer van God aangetas het. Hulle het die welstand van die gemeente op die spel geplaas deurdat lidmate se sondige voorbeeld ander tot struikeling sou lei, en sondaars onder die oordeel van die Here kom omdat daar nie ware berou en bekering is nie.

## Die opdrag om te waak

"Die plaaslike ouderlingeraad moet waak oor die tafel van die Here om sover menslik moontlik toe te sien dat die verbond van God nie ontheilig word en die toorn van God oor die hele gemeente verwek word nie."[2] Daarom is dit nodig dat gelowiges met verantwoordelikheid vir die nagmaal voorberei. Slegs belydende lidmate (wat nie onder die ouderlingeraad se sensuur staan nie) word tot die nagmaalstafel toegelaat.

Om hierdie rede handhaaf die AP Kerk die beginsel dat die nagmaalstafel geslote is en net vir die lidmate van die eie gemeente (*Kerkorde* art. 43C), wat nie onder sensuur is nie, toeganklik is. Die ouderlingeraad gaan voor die Here rekenskap gee van hoe hulle toesig gehou het dat sy tafel nie ontheilig word nie (vgl. bv. Eség. 33:1-6). Daarom doen hulle huisbesoek voor nagmaal. Sodoende stel die ouderling vas of elke lidmaat in sy wyk se leer en lewe in orde is en of hulle op die regte wyse voorberei om die nagmaal te gebruik.[3]

Die ouderlingeraad het dus die opdrag om oor die nagmaal te waak sodat niemand onwaardig aan die nagmaal deelneem nie. Tydens die ouderlingeraadsvergadering voor nagmaal behoort daar van elke wyksouderling 'n verslag te wees oor die leer en lewe van sy wykslidmate, en daar behoort oor tugsake van lidmate wat in sonde volhard, ernstig om berou en bekering gebid te word. Volgens die *Kerkorde* (art. 50-59) behoort sodanige lidmate of ampsdraers wat onder die opsig en tug van die ouderlingeraad is en in sonde volhard, deur die ouderlingeraad onder sensuur geplaas te word sodat hulle nie 'n oordeel oor hulself en oor die gemeente eet en drink nie, totdat (soos die HK dit stel) hulle 'n verbetering van hul lewe bewys. Voordat dit nie gebeur nie, kan so iemand dus nie aan die nagmaalstafel toegelaat word nie.

Mag die Here gee dat ons nie 'n oordeel oor die gemeente sal eet en drink nie en indien daar 'n oordeel oor 'n gemeente is, die ouderlingeraad dit met die nodige erns sal bejeën en hul opdrag as ouderlinge uitvoer sodat die eer van God herstel word, die sondaar tot bekering gelei word en die Here hulle begenadig en die oordeel verwyder.

---

1. Leraar van die AP Kerk Schweizer-Reneke.
2. *Ontmoetingsgesprek*, 8.
3. *Ontmoetingsgesprek*, 67.



# Waarom weerhou ons kinders van die nagmaal as ons die kinders van gelowiges doop?

**Dr. Hendrik Breytenbach**[1]

## Inleidend

Die doop en die nagmaal is beide deur die Here Jesus self as sakramente ingestel om ons deur die gebruik daarvan die belofte van die evangelie nog beter te laat verstaan en te verseël. Die doop is gegee in die plek van die besnydenis en die nagmaal in die plek van die pasga. Dat dit in die plek is van die sakramente van die ou verbond, beteken dat die evangeliese inhoud daarvan in die nuwe verbondstekens voortgesit word, maar nie die uiterlike voorskrifte nie. In die gereformeerde kerke word dit tradisioneel so verstaan dat die doop aan die kinders van gelowige ouers in die erediens van die gemeente bedien móét word, maar nie noodwendig op ouderdom van agt dae as gesinsaangeleentheid nie.

**Anders as die pasga, wat 'n jaarlikse gesinsmaaltyd was waaraan ook die kinders deelgeneem het, word die nagmaal meer dikwels deur die gemeente in 'n erediens gevier. Slegs lidmate wat belydenis van geloof afgelê het en nie onder sensuur is nie, mag daaraan deelneem.**

## Doop aan kinders

Die doop as verbondsteken is die teken en seël van die wonder daarvan dat die Drie-enige God as Vader, Seun en Heilige Gees met hierdie kind 'n verbintenis aangegaan het. God self het hierdie kind reeds voor sy geboorte in sy verbondsvolk opgeneem. Soos die besnydenis, getuig en waarborg die doop dat die verbintenis tussen God en sy volk, en dus tussen God en die dopeling, 'n reddingsdaad is wat van God uitgaan. Dit geld vir die dopeling, of dit 'n volwassene of 'n suigeling is! God vra nie ons geloof of ons instemming vóórdat Hy sy reddende genade aan ons bewys nie. Daarom is Abram geroep voordat hy die vader van die verbondsvolk geword het.

By die doop is die water die teken van die verbondsbloed van Jesus Christus waardeur ons gered word. Sonder dat ons daarvoor kies of vra, sterf Hy aan die kruis tot ons reiniging en verlossing terwyl ons nog vyande van God was (vgl. Rom. 5:8-10). Deur die kruisdood van die Seun word ons as kinders van die Vader in die krag van die Heilige Gees aangeneem. Deur die Godsdaad word ons deel van God se verbondsvolk en ledemate van die liggaam van Christus.

Gelowige ouers moet dus die doop aan hul kinders laat bedien as belydenis én getuienis. Daarmee bely hulle dat hul kind sonder enige verdienste in God se verbond opgeneem is. Tegelyk getuig hulle teenoor die kind én die wêreld dat slegs in die reddende liefde waarmee God Hom aan 'n mens verbind, daar lewe en heil is.

**Baie skerp bely en getuig gelowige ouers by die doop van hul kind dat dit nie 'n mens se keuse, sy verlange na verlossing, of sy geloof is wat redding bring nie. Dit is God se barmhartige liefde waarmee Hy sy Seun gegee het, wat ook vir my en my kind redding waarborg.**

Vir gelowige ouers begin gehoorsaamheid aan Jesus se groot opdrag by hul eie huis en by hul eie kinders, en dit verplig hulle om hul kinders te laat doop. Daarmee neem hulle ook die verbondsverantwoordelikheid op om hul kinders as gehoorsame burgers van Christus se koninkryk op te voed. Vir ons en ons kinders is die doop 'n blywende teken en waarborg dat God vir ons 'n God is en niks ons ooit van sy liefde kan skei nie. Keer op keer as ons in die spieël kyk, kan ons as't ware God se handtekening op ons voorkop sien wat bevestig: Jy is myne, want Ek het jou aan My verbind.

## Nagmaal slegs aan volwassenes

Die nagmaal as verbondsteken is die teken en seël dat ons deur die gebroke liggaam en vergote bloed van Jesus Christus uit die slawerny van die sonde bevry is. Ons is sy volk op pad deur die woestynwêreld van hierdie bedeling na die heerlike land van belofte. Op hierdie pad versorg God ons met die brood en wyn wat ware lewe gee sodat ons kan volhard.

Die bediening van die nagmaal aan kinders word dikwels gemotiveer deur na die pasga as gesinsviering te verwys. Almal wat God se volk is, behoort dus ook die nagmaal te mag gebruik. Dit is egter nie so dat daar nie voorwaardes vir gebruik van die pasga was nie. Enigeen kon nie aan die pasga deel hê nie. Die voorwaardes vir deelname word in Exodus 12:43-49 gestel. In beginsel word daar dus ook by die pasga grense vir die gebruik daarvan getrek. Dit druis nie in teen die inhoud van die nagmaal as verbondsmaaltyd dat daar grense getrek word vir die gebruik daarvan nie.

Die kern van die voorwaardes vir deelname aan die nagmaal word in 1 Korinthiërs 11:24-29 gegee.

**Dit behels dat die nagmaal in die samekoms van die gemeente gevier word, op 'n waardige wyse, as 'n gedagtenis aan die Here Jesus en die verkondiging van sy dood totdat Hy kom. Om te kan aansit, moet 'n mens homself eers beproef sodat hy nie op 'n onwaardige wyse die nagmaal gebruik en 'n oordeel oor homself bring nie.**

Die toets waaraan 'n mens homself moet onderwerp, impliseer in die eerste plek onderskeidingsvermoë. Die deelnemer moet immers die nagmaal as maaltyd onderskei van 'n gewone ete, want dit is om deel te kry aan die liggaam van die Here. Dit vereis 'n sekere kennis, want sonder kennis kan 'n mens nie onderskei nie. Daartoe word kinders gekatkiseer sodat hulle waardig aan die nagmaal deel kan hê. Kennis van die betekenis daarvan by die kinders wat daaraan deelneem, is ook 'n vereiste by die gebruik van die pasga.

Die toets impliseer in die tweede plek toerekeningsvatbaarheid, dit wil sê dat die deelnemer volwasse genoeg moet wees om self in te staan vir sy dade. Die gevolge van 'n onvolwasse kind se dade word nie op sy rekening geplaas op dieselfde wyse as 'n volwassene s'n nie, omdat hy nog kind is. Dit verskil van plek tot plek op watter ouderdom 'n kind gereken word as volwasse genoeg om self in te staan vir sy optrede, maar dit is oor die algemeen êrens tussen dertien en sestien jaar.

Die meeste gereformeerde kerke oordeel dat dit nie liefdevol of regverdig is om 'n kind, wat nog nie die kennis het om te onderskei nie, bloot te stel aan optrede wat 'n oordeel oor hom kan bring nie. Dit is ook nie regverdig of liefdevol om iemand, wat nog nie in staat is om self die gevolge van sy optrede te dra nie, aan die oordeel van God bloot te stel nie. Daarom word kinders van die nagmaal geweer. Dit geld nie net kinders nie, maar ook gedoopte lidmate wat aan 'n geestesiekte ly en nie toerekeningsvatbaar is nie.

Die eerste Korinthiërbrief belig die verhouding tussen die gemeente en die individuele lidmaat helder.

**Die gemeente is die liggaam van Christus en die gelowige is deur die genade van God verkies tot diens in en aan die liggaam en die Here.**

Merkwaardig word die individu se geestelike behoeftes en persoonlike keuses meestal die vertrekpunt in die verwerping van die kinderdoop en pleidooi vir kindernagmaal. Beide die sakramente rus egter op die wonder van die Woord. Daarom is die sakramente en die prediking onlosmaakbaar verbind. Deur die prediking word die inhoud van die doop as verbondsdaad van God keer op keer weer aan ons oorgedra. Deur die prediking word ons gevoed met die Brood van die lewe sodat ons Christus in die nagmaal kan onderskei. Van die onderrig en voeding mag ons ons kinders nie uitsluit nie.

**As uitverkore ledemate van die liggaam van Christus, word hulle by elke doopgeleentheid en elke nagmaalsviering in die geloof gevoed, en deur die Gees met die Woord versterk en toegerus. Ook dit is nie uit hulself nie, maar uit God se genade!** ☺

1. Emeritusleraar. Bedien tans die AP kerke Witbank en Bronkhorstspruit.

# 'n Briefie vir Deon

**Liefste Deon**
Vanoggend is dit op my hart gelê om hierdie briefie te skryf. Jou storie is 'n lang storie, een van swaarkry en oorwinnings, en aanhou en weer probeer. Wat doen jong ouers as hulle hoor dat hul pasgebore Deon-babatjie net 'n paar dae het om te lewe? Hoe magteloos voel hulle as die beste dokters sê dat daar niks vir hul babatjie gedoen kan word nie, en dat hy huis toe gevat moet word om daar dood te gaan? Ons het jou huis toe gevat, maar het jou vir ons hemelse Vader gegee. Jy hou op asemhaal, maar bly leef. Ja, Deon, jy bly lewe!



“Word 'n man uit een stuk soos ons hemelse Vader graag wil hê jy moet wees.”

*Deon van Zyl*

**Op tien weke kry jy kleppies en jou hartjie word oorgebou. Jou klein okkerneuthartjie word gelap en geplak.**

Jy oorleef die teater, want jy wóú lewe. Lang, swaar weke in die hospitaal. Toe mag ons jou huis toe vat en jy kry jou kos met 'n neusbuisie, soos 'n hanskalfie. Skaars by die huis of jy word weer siek. Bitter siek. Infeksie in jou borskas by jou hart. Terug teater toe. Terug intensiewe sorg toe ... asof iemand ons met 'n vuishou terugslaan in tyd.

So was ons lewe, my kind. Drie treetjies vorentoe en twee terug. Jy het aanhou lewe, en aanhou baklei om te leef. Jy was altyd vol verrassings, soos toe jy 'n hele vlug 'n uur lank vertraag het omdat jy jou bewussyn op die vliegtuig verloor het. Jy was drie en dit was vreesaanjaend! Dan was daar die talle koorsstuipe en klein André wat jou lewe red wanneer hy my kom roep. Deon, jy bly lewe!

Weer 'n noodoperasie op vyf. Toe steel 'n beroerte jou sig in die teater. Ons was hartgebroke en jy huil oor jou stukkende ogies. Maar jy bly lewe! Ons besluit om jou soos 'n gewone seuntjie groot te maak. Omega CVO-skool ontvang ons met ope arms en ek hou skool – om naby te wees vir ingeval ...

Party skooldae was baie swaar, ander weer makliker. Jy was 'n regte grapkas, en altyd opgewek en positief, maak nie saak hoe siek jy was nie. Toe word jy weer siek, so siek dat jy amper 'n jaar lank tuis moes bly. Ons pad kruis met tannie Lucia van Wyk en oom Willie Jansen van Rensburg. Ons het nie geweet waarheen met jou nie, maar hulle het aangemoedig, gehelp, toegewings gemaak en op die uitkoms gehoop. Vir jou pad, my kind, was daar nie 'n kaart nie. Meneer Derek, liewe meneer Derek! Hy was omtrent die spil waarom ons lewens sou begin draai. Hy wat gesê het dat jy so moeg word om van een klas na die ander te loop dat jy nie kan skryf nie ...

**Weer dokters toe, en weer, en weer ... Hierdie keer kon hulle niks vir jou doen nie.**

Bindweefsel het jou hart aan jou borskas laat vasgroei en jy sal nie die operasie oorleef nie. Pediatriese kardioloë sê ons moet jou huis toe vat en die tyd wat ons met jou het, geniet. Dokter Kingsley sê ons moet vasbyt. Navorsing oor harte vorder so vinnig dat jy elke jaar wat jy bly

leef, ’n beter kans staan dat daar wel iets vir jou gedoen kan word. Siek-siek terug Omega toe. Skool toe. Jy bly blymoedig en speel waar jy kan. Jy leer soos jy kan. Jou juffrouens en maats aanvaar jou soos jy is – net Deon ...

**Drie jaar later is jou lyfie moeg, jou hartjie moeg. Dokter Kingsley sê ons moet jou bring. Dit was tyd.**

Al hoop is om alles weer reg te maak, maar daar is net ’n 5% kans dat jy uit die teater gaan kom. Dit was al kans. Dan is 5% skielik genoeg. Ons is saam in die teater en hou jou vas terwyl hulle jou narkose gee. Ek, Pappa en André, want die narkose was totsiens. Dit is in my siel geëts hoe jy baklei het om nie onder te gaan nie. Jy wou nie. Jy het geweet.

Elf uur later stoot hulle jou uit. Jy lewe. Baie probleme gedurende die operasie, maar alles is reggemaak en jy is nie dood nie. Die hospitaal is weer ons huis. Tannie Lucia kom drink koffie, meneer Connie bring biltong, tannie Adrie van die kantoor kom kuier in die hoësorgeenheid. Hulle is net daar. Nie net mense nie, maar familie. Jy lewe weer. Teen alle verwagtinge in leef jy!

Dis toe dat die groot gemors begin. Jy kan nie lees of skryf nie. Ons het jou nooit gedwing om tafels te leer nie, want jy sou nie oorleef nie. Ons het ’n seuntjie grootgemaak, maar sonder ’n lewensverwagting vir hom. Ons wou net hê dat jy ’n normale seuntjie moes wees, wat speel en maatjies maak en skool toe gaan. Nou is jy dertien en jy het ’n kans om groot te word.

Dit is hier waar ek nooit genoeg dankie kan sê vir jou onderwysers en vir die mense by die BCVO se kantoor nie. Hulle het net vas gestaan en gesê dat jy tot hier gekom het en dat dit beteken die pad vorentoe is ook al vir jou uitgelê.

Ek was baie dae moeg en bitter moedeloos. Dan kry ek weer ’n e-pos van tannie Lucia wat sê sy het hierdie nuwe pen of daardie nuwe ding gesien wat vir Deon kan help. As ek nie meer kon nie, het jou juffrouens nog baie krag vir jou gehad. Dan het ek tyd gekry om te besin, te heroorweeg en weer van voor af te begin. As dit nie vir hulle was nie, my liewe Deon ...

Toe breek jou eindeksamen aan. Jy het baie hard gewerk en ek tel die dae af. Net voor die laaste twee vraestelle kry jy die middag ’n beroerte. Is dit nou dit? Die doodgaan waarvan die dokters ons al die jare vertel het? Jy oorleef dit en ten spyte van die feit dat jy nie kan praat nie, word jy stadig maar seker beter. Jy oorleef dit weereens. Hoeveel keer het ek gevoel ék gaan dit nie oorleef nie?

Vanoggend sit ek hier ... Ons het ’n paar dae terug jou aanvullende eksamen se uitslae gekry. Jy slaag matriek. Al jou vakke bo 50% en twee bo 70%. Ek sit en dink aan jou moedigheid, maar ek sit ook en dink aan jou onderwysers. En aan tannie Lucia en oom Willie by die BCVO se kantoor. Ek dink aan al jou onderwysers wat, selfs ten spyte van hul eie uitdagings, ure en ure met jou deurgebring het om jou vir jou eksamen voor te berei.

**Nou is jy groot, my kind. Gaan leef jou lewe. Word ’n man uit een stuk soos ons hemelse Vader graag wil hê jy moet wees.**


Maar moet nooit, ooit die insette van elke onderwyser en elke persoon by die BCVO se kantoor vergeet nie. Hulle was altyd daar vir jou. En ek? Ek sal ook nooit vergeet nie ...

**Liefde**
**Mamma (Marilize van Zyl)**
**15 Julie 2024**



*Pappa saam met die seuns*

# BYBELWOORDBLOK: DIE PAD VAN DIE LEWE (Leidrade in Psalm 1 en Jeremia 17:8)




## Leidrade in Psalm 1 en Jeremia 17:8

### Dwars

2. Skrik, bang wees (Jer. 17:8)
4. Noodsaaklike natuurelement vir plante (Jer. 17:8)
6. Louter vreugde hê (Ps. 1:2)
7. Verordening van God (Ps. 1:2)
8. Alles verloop vlot (Ps. 1:3)
11. Gesamentlike dinge (Ps. 1:3)
14. Finale regsaak (Ps. 1:5)
16. Advies (Ps. 1:5)
17. Hul verstrooi soos kaf in die wind (Ps. 1:4)
19. Byeen in ’n sirkel (Ps. 1:1)
21. Voortbring (Jer. 17:8)
22. Vrugdraende plant (Jer. 17:8)
23. Verderflike pad (Ps. 1:1)
24. Die aansyn van skepsele en kreature (Ps. 1:5)
25. Uitstoot (Jer. 17:8)
26. Sterk warmte (Jer. 17:8)

### Af

1. Langdurige tyd sonder reën (Jer. 17:8)
2. Tot niet gaan (Ps. 1:6)
3. Dui op gasvryheid aanvaar (Ps. 1:1)
4. Dit waai kaf weg (Ps. 1:4)
5. Bekommerd (Jer. 17:8)
9. God se regspraak oor sondaars (Ps. 1:5)
10. Derhalwe (Ps. 1:5)
12. Oortreders (Ps. 1:1)
13. Om te stap (Ps. 1:1)
14. Uitmekaar gewaai deur die wind (Ps. 1:4)
15. Kleur van onverwelkte blare (Jer. 17:8)
18. Verlep, nie meer funksioneel nie (Ps. 1:3)
19. Dui op iets nutteloos (Ps. 1:4)
20. Dit is by water gevestig (Jer. 17:8)
21. Tyd van oordenking van die wet (Ps. 1:2)
22. Die funksionele deel van ’n boom (Jer. 17:8)

AP KERK BRAKRIVIER

## VBO gaan bos toe!

Dit was 'n baie opgewonde groepie verbondsdogters wat Saterdagoggend 20 Julie aangetree het vir hul eerste VBO-uitstappie – in bibberkoue op 'n wildsplaas! Weens rugbywedstryde en skaakkompetisies kon die seuns nie saam nie.


VBO in die bos

By die lodge aangekom, is ons verwelkom met warm koffie en 'n knetterende kaggelvuur. Gou was dit tyd vir die dogters se 3 km lange staptog veld in. Gelukkig was daar 'n voorganger, 'n ma, 'n ouderling en 'n gids vir "beskerming". Die mooiste foto's van naby weiende kameelperde, springbokke, sebras, blouwildebeeste, koedoes en 'n seekoei op pad water toe, is versamel.

Intussen is die "grootmense" per Jeep na 'n piekniekplek in die bos vervoer. Langs die pad was daar kameelperde en 'n alleenloperkoedoe, en die piekniekruimte was die moeite werd om te sien! Knus afgeskut teen die wind, met 'n gesellige braaiplek, tafels en bankies en sowaar 'n luukse badkamer met wasbak en spieël daarby.

Toe die jongklomp arriveer, was die wors juis gaar en kon almal dadelik aansit vir worsbroodjies en koeldrank. Daarna is daar 'n hond uit die bos gekuier, of was dit nou 'n ystervark?

## As ons Prof verjaar, kom ons almal bymekaar

Met verjaarsdae vier sommiges fees en ander kruip liewer weg. Wanneer 'n gemeente se predikant egter verjaar, hang die susters behoorlik uit met mooi gedekte tafels en heerlike eetgoed. Boonop nog 'n present ook, wat verkieslik eetbaar moet wees ...


Prof. Roelof verjaar


So was dit ook op Sondag 21 Julie, toe prof. Roelof Marè se verjaarsdag in die teelokaal gevier is. So ernstig as wat onse Prof op die kansel is, is hy 'n grapkas buite die kerk se mure. Hierdie streek van hom is netjies herhaal deur sy ouderdom op die sjokoladekoek om te draai.


Ná al die gelukwense, en die grappige gedig "Vyf Klippies" (Daar's sewe klippies in jou sak, deur die Here vir jou ingepak, sodat jy ene kan weggooi vir elke tiende jaar voltooi), is daar gedank en vir hom die seënbede van Ps. 134 toegesing. Daarna was dit net eet en kuier – met oorgawe!

Janine du Plessis

Koop aanlyn by www.liginduisternis.co.za

Die Boekwinkel
LIG IN DUISTERNIS UITGEWERS





















# VOLKSHULP 2000

Volkshulp 2000 is gestig in 1991 as 'n organisasie sonder winsoogmerk, en ontvang geen ander inkomstes van enige instansies nie. Ons is dus afhanklik van ons eie volksgenote wat kan help met die onderstaande items.


Vir belastingdoeleindes kan Volkshulp 2000 op aanvraag 'n Artikel 18A-sertifikaat uitreik met alle kontantdonasies wat aan Volkshulp 2000 gemaak word. Bankbesonderhede kan verkry word by ons hoofkantoor.

Indien u oor die volgende items beskik wat bruikbaar is, kan u ons gerus kontak by ons hoofkantoor en ons kom haal dit by u, of u is welkom om dit self te kom aflewer.

**ONS BENODIG DRINGEND ALLE BRUIKBARE ITEMS, WAT DAN WEER HELP OM IN ONS VOLKSGENOTE SE BEHOEFTES TE VOORSIEN.**

Klere • Skoene • Linne • Huisraad
Alle bruikbare meubels • Speelgoed • Kos

**www.volkshulp.org.za**
**Tel:** 012 755 8201 • **Sel:** 082 6827454
**Adres:** Steadlaan 246, Queenswood, Pretoria



**BLOKKIESRAAISEL-ANTWOORDE:**
SEPTEMBER 2024, BL. 11

**AP KERK CLANWILLIAM**

## Belydenisaflegging

Op 4 April was dit ons gemeente se voorreg om getuie te wees van Mariska Gey van Pittius se geloofsbelydenis. Oudl. Pieter Murray het haar deur die loop van die jaar onderrig, waarna ds. Adriaan Appelgryn die finale voorbereiding ten opsigte van haar belofte aan haar hemelse Vader onderneem het. Ons is hulle innig dankbaar vir hul deernis en liefde vir ons verbondskinders.



*Belydenisaflegging*

## Doopgeleentheid

Hoe groei ons gemeentes? Kyk ons na die demografie van gemeentes in die AP kerkverband, is dit ontstellend om te sien hoe gemeentes krimp en dat die meeste van ons lidmate ver bo 60 is. Dit dring ons tot die besef dat gemeentes slegs kan groei en voortbestaan as daar kinders gebore word wat deur gelowige ouers na die kerk gebring word, om hier groot te word om vir Christus te lewe. Ons kinders word deur God se verbond in sy gemeente ingesluit. Hulle word deur die doop, as teken van die verbond, in Christus se kerk ingelyf en so van die kinders van ongelowiges onderskei. So leer die Heidelbergse Kategismus ons (So. 27 v/a 74). Ons is dankbaar vir die oes in God se akker, dat ons hierdie jaar drie dooplidmate ryker geword het!



*Die Coetzers en De Beers*

Op 17 Maart het Jaco en Anika Coetzer vir baba Albert, en Gompie en Minike de Beer vir baba Hanco gebring om gedoop te word.

Nog 'n pragtige doopgeleentheid was op 7 Julie, toe Johan en Elma van der Westhuizen vir Johanel ten doop gebring het. Ons leraar, ds. Appelgryn, het die doopgeleenthede waargeneem. Hy het beklemtoon dat ons kinders deel is van God se genadeverbond en dat die volgende geslag volgens Bybelse riglyne opgevoed moet word om hul Skepper en Verlosser te ken, én vir die kerk van Christus en medeverbondsgenote tot groot seën te wees.



*Die Van der Westhuizens*

Mariana Gey van Pittius
en Zelda Appelgryn

**AP KERK MOSSELBAAI**

## Seniorburgerfunksie

Dit is vir ons belangrik en ’n baie groot vreugde en voorreg om ons ouer garde so ’n bietjie te bederf. Die bymekaarkomgeleentheid op Saterdag 3 Augustus het hulle ’n gulde geleentheid gebied om lekker saam te kuier en te eet.

Ná die Skriflesing uit Psalm 34:1-10 en gebed, het almal eers aan ’n voorgereggie gesmul, en daarna is die hoofgereg geniet. Tevrede en dankbaar, met vol magies, kon hulle die middag huiswaarts keer om opnuut uit te sien na Sondag se erediens en teedrinkgeleentheid.


*Seniorburgerfunksie*

## Kerkraadsbevestiging

Hoe wonderlik om 14 nuwe ampsdraers op 4 Augustus te kon bevestig. Die lang ry manne voor die kansel was iets besonders om te aanskou. Ons dank die Here vir manne wat ’n blye gewilligheid in die hart het om die Here se werk te verrig.

Ria Webb


*Agter v.l.n.r.: Hardus de Klerk, Nico Emmerich, Jaco van Eeden, Markus Kilian, Heinrich Kruger, Deon Jonker, Jacques Fourie en Stefan Fourie. Voor v.l.n.r.: Piet Lubbe, Johan J van Rensburg, Brian Cloete, ds. Dawie Pretorius, Kobus Nell, Gordon Buitendach en Rudi Kruger. Afwesig: Tertius Schoeman.*

# Bybel met kanttekeninge

Liewe vriende, die dag waarvoor ons al só lank gewag het, is uiteindelik hier. Die webblad met die Statebybel se kanttekeninge in Afrikaans is gereed en oop vir die publiek. U kan dit gebruik in die huisgodsdiens, Bybelstudie en ondersoek van die Woord van die Here. Op die webblad deel ons ook meer van die geskiedenis van die kanttekeninge en vordering van ons projek. U kan gerus daar kommentaar lewer, sodat enige foute reggemaak kan word voordat dit in boekvorm gepubliseer word. Groete, Stigting Reformatoriese Getuienis.

www.bybelmetkanttekeninge.co.za






**AP KERK WINDHOEK**

## Muntlegging

Ons gemeente se verbondskinders het ná ons jaarlikse Paaskamp, waar ds. Schalk Strauss die gasspreker was, besluit dat hulle graag 'n projek wil aanpak om fondse in te samel vir Lig in Duisternis Uitgewers se daarstelling van Bybelgetroue en ander behoudende Afrikaanse literatuur wêreldwyd. 'n Muntleggingsprojek het gedurende Mei afgeskop, waarna ons tot einde Julie 2024 tyd gegee het om 'n tweede keer munte bymekaar te maak.

Met die afsluiting is daar aan die ouers en belydende lidmate 'n uitdaging gestel: Vir elke Namibiese dollar wat die kinders gee, moet hulle 'n N$10,00 gee. Nodeloos om te sê dat die jeug steeds meer ingesamel het met elke 5, 10 en 50 sent! Met net 15 dooplidmate, het ons kinders werklik uit hul pad gegaan om die projek 'n sukses te maak.

AP Kerk Windhoek daag ander gemeentes uit om ons bedrag (R5 000) te verdubbel! Mag jul projekte vir Lig in Duisternis Uitgewers tot seën van God se koninkryk wees.

Marideen Lassen



*Muntlegging*



*Muntlegging*

**ST LUCIA –**
**Vakansiewoonstel te huur**

2 slaapkamers, 1 badkamer (stort en bad), balkon, veilige parkering (afdak) binne in die kompleks, swembad en braaigeriewe, gratis wi-fi.

**SMS 068 535 3885 vir meer inligting en foto's**

**SUIDKUS – MARGATE**

**Loopafstand van hoofstrand.**
**2 Slaapkamers (slaap 6). See- en branderuitsig vanaf balkon. 2 x onderdakparkering.**

**Skakel Liezl vir tariewe: 082 311 9210 of skakel of sms Thys: 082 921 1922**

**Selfsorgakkommodasie met:**
Saal, herberg, kothuise en kampstaanplekke.
MAJUBA 1881
NUUT: 4x4-baan, bergfiets- en wandelroetes.
Ideaal geleë op die N11, 3 ure vanaf Pretoria.

**Skakel Theuns Snyman by 079 274 7978**

**Kasteelsig Gastehuis**
**Pretoria**
**Umgeni straat 366, Erasmuskloof**
±1 km vanaf N1-Snelweg / Naby Kloof hospitaal
**Vir besprekings skakel/whatsapp Nico: 071 619 9756**

## Die Boekwinkel
LIG IN DUISTERNIS UITGEWERS




Prys: R150




Al drie vir ~~R575~~ **R450**




Prys: R80

www.liginduisternis.co.za • boekwinkel@liginduisternis.co.za

Lig in Duisternis UITGEWERS

## BLOEMFONTEIN OORNAGWOONSTEL

• Ruim luukse oornagwoonstel met eg Suid-Afrikaanse gasvryheid • Veilige parkering • Skoon, netjies • Kleur TV • Stil en rustige atmosfeer

Tel: (051) 522-6035 / Sel: 082 726 9959

## VOORNEMENDE EN HUIDIGE KOVSIES

Vind u geestelike tuiste en skakel in by ons bedrywighede.

**AP Kerk Bainsvlei – kontak ons by 082 614 5857**

## Oornagverblyf Kroonstad

2 Gemeubileerde kamers met beddegoed
15 kamers met 2 beddens elk en ablusiegeriewe, asook karavaanstaanplekke.
Kan ook groepe van ongeveer 70 persone huisves.
Volledig toegeruste kombuis op aanvraag beskikbaar.
Kontak Annette Kok by 079 768 0525 vir verdere navrae of besprekings.

## SUIDKUS VAKANSIEVERBLYF

Feitlik op die hoofstrand (braaiers by woonstelle en swembad). Twee slaapkamer (slaap 6) met DStv. Veilig omhein met lugreëling. Buite seisoen: Vanaf R400 per nag (breekskadedeposito betaalbaar). R500 vir skoonmaak. Pensioenarisse:10% afslag.

**Jopie du Plessis Edms. Eiendomme Bpk.:**
**Sel: 082 858 7047 of e-pos: jopiedupl@gmail.com**

## IS JOU REKENAARBEGROTING BEPERK?

Ons verkoop opgeknapte (“refurbished”) rekenaars, skootrekenaars en bedieners. Alle opgeknapte rekenaars het ’n waarborg vir een jaar. Ons koerier landswyd!

**Kontak Pieter by 083 214 3521 of pieter@activepc.co.za**

## AP KERKDASSE

Wit kerkraaddasse @ R120
10 en 20 jaar gedenkdasse ook beskikbaar op navraag

**VIR BESTELLINGS**
kontak Sonja Horn
Tel 015 2988028
Faks 0865305709

e-pos: pietersburg@apk.co.za

Posgeld en verpakking sal bepaal word met bestelling
**Kantoorure:** Maandae tot Vrydae: 08:00 tot 13:00

## AP KERK SUIDKUS NOOI BESOEKERS EN PREDIKANTE UIT

Die AP Kerk Suidkus nooi besoekers aan die kus om eredienste by te woon (Sondae, 09:00). Graag nooi ons ook predikante wat in die omgewing vakansie hou, om hier te kom preek.

**Adres: Alexanderweg 58, Margate. Kontak oudl. Kobie Jacobs 082 896 3236.**

**AP KERK RUSTENBURG**

## Sop en sjerrie

Die gemeente se gebruiklike winterfees, oftewel sop-en-sjerrie-aand, is op 19 Julie aangebied met die tema "Goue Oues". Vyf soorte sop is bedien en lidmate kon stem vir 'n wenner. Dit was moeilik, want op party van die stembriefies was al die blokkies gemerk! Vanessa Crafford het die Sopkoningtrofee ontvang vir haar spinasie-en-spek-roomsop.



Sop en sjerrie

## Gemeente-ete

Op 16 Augustus was die AP Kerk Rustenburg 37 jaar oud. Sondag 18 Augustus was nagmaal en ds. Nico se preektema was "Die gebruiklike bidplek", na aanleiding van Handelinge 16:9-19. Ná die erediens het die gemeente-ete plaasgevind in die vorm van 'n bring-en-braai onder die bome. Hoewel die opkoms teleurstellend was, was dit steeds 'n besonder aangename ete en die bykosse, soos altyd, voortreflik!


Gemeente-ete

## Gemeentelike aktiwiteite


Die maandelikse Bybelstudie gaan voort en vir September kom die boek Spreuke aan die beurt. Die maandelikse pannekoek- en kerrie-en-rys-verkope gaan ook voort, wat 'n onmisbare aanvulling tot die kerk se finansies is.


Gemeente-ete

## In memoriam

Twee van ons senior lidmate is die afgelope tyd oorlede: tannie Loekie Verhoef op 3 Junie en tannie Babie van der Merwe op 20 Julie. Ons mis hulle en bid hul naasbestaandes die troos van ons hemelse Vader toe.

Micky Badenhorst




Die Boekwinkel
LIG IN DUISTERNIS UITGEWERS

Prys: R150

Ook beskikbaar op amazon kindle

www.liginduisternis.co.za

In hierdie boek wys Antonio Coppola hoe God se verbondsbelofte, dat Hy vir ons 'n God en ons vir Hom 'n volk sal wees, die ganse Skrif oorspan en in Jesus Christus in vervulling gaan. Hierdie boek sal jou help om beter te verstaan hoe God met sy kinders bemoeienis maak, jou geloof in Christus verryk en jou insig in die evangelie verdiep. Dit sal jou ook help om die groot, oorkoepelende verhaal wat in die Skrif afspeel, te verstaan, wat jou sal dring om ons getroue God en Verlosser, Jesus Christus, wat altyd sy beloftes nakom, te aanbid.



# John Harris en die stasiebom: Vryheidsvegter of terroris? – Dr. Pieter Mulder

**In Brittanje is daar ná 1994 ’n toneelstuk opgevoer wat John Harris en die stasiebomgebeure simpatiek voorstel. Oordeel self of hy simpatie verdien ...**

Harris het op 24 Julie 1964 ’n bom in die hoofgedeelte van die Johannesburgse stasie gelaat. Om 16:33, op die besigste tyd, het dit ontplof. Verskeie mense is beseer, ’n ouma is dood en haar kleindogter, die 12-jarige Glynnis Burleigh, se gesig is permanent geskend. Sy het saam met haar ma, ouer sussie en ouma vir ’n trein gewag.

John Harris het ’n BA-graad aan die Universiteit van die Witwatersrand verwerf waar hy ook ’n studenteraadslid was. Daarna het hy vir ’n tydjie aan Oxford in Brittanje studeer. Terug in Suid-Afrika het hy by die Liberale Party aangesluit en hom sterk teen die Afrikaner en die regering uitgespreek. Later het hy by die African Resistance Movement (ARM)[1] aangesluit, waarvan sy wit, radikale lede elektriese maste en spoorlyne gesaboteer het.[2] Die breë doel was om so teenstand teen regeringsbeleid te wys. Hulle het ook naïef geglo dat die sabotasie kiesers teen die Nasionale Party sou laat draai.

Harris het egter gereken dat die sabotasie van elektriese maste nie genoeg impak op wit kiesers het nie en wou iets meer skouspelagtig aanpak. Hierop het hy agt dinamietkerse met ’n tydmeganisme in ’n tas geplaas. In die hof het hy verduidelik dat die dinamietkerse die aandag moes trek deur met ’n harde “bang”-geluid te ontplof. Om die ontploffing meer skouspelagtig te maak, was petrol nodig. Daarom het hy ’n kan met amper 2 liter petrol ook in die tas geplaas.[3]

Glynnis onthou hoe ’n jong, witman in ’n bruin pak ’n tas naby die bank waarop hulle gesit het, neergesit het. Hy het gevra hulle moet daarna kyk, weggeskarrel en vir ’n rukkie ’n ent verder gaan staan en wag. ’n Omstander het gewonder waarom hy sy tas so staan en dophou. Nadat hy geloop het, het sy die etiket aan die tas gaan lees wat gesê het dat die eienaar binne 10 minute terug sou wees. ’n Eienaardige boodskap, het sy gedink. Glynnis se ma het met haar ouer suster in die stasiegebou gaan rondstap, terwyl syself by haar 77-jarige ouma gebly het.

Die bom het skielik, met ’n verblindende slag, ontplof. Brandende petrol het vlamme oral laat opskiet.[4] Die helfte van Glynnis se gesig is weggeblaas en verbrand. Sy het 80% brandwonde opgedoen. Die skelet van haar ouma se bene was sigbaar soos die bom die meeste vleis afgeskeur het. Ná ’n maand se verskriklike lyding is Ethel Rhys oorlede. Drie-en-twintig ander mense is beseer met lewenslange littekens en brandwonde.

In die hof het Harris getuig dat hy nie bedoel het om mense seer te maak nie. Hy het die polisie voor die ontploffing oor die bom gewaarsku en geglo hulle sou die stasie ontruim en so beserings voorkom.[5]

Harris het die Spoorwegpolisie om 16:25 gebel en oor ’n bom gewaarsku. Daar was egter geen aanduiding van ’n spesifieke plek, en of dit nie dalk ’n fopoproep was nie. In die 8 minute voor die ontploffing, was dit onmoontlik om die reusestasie met duisende bewegende mense te ontruim. Die 8 minute is belangrik, want lord Peter Hain het nog onlangs in Brittanje, soos ander ANC-propagandiste, beweer dat die hoof van die polisie en die minister laat weet is en dat hulle berekend nie opgetree het nie. Latere wetenskaplike artikels hieroor het akademies bewys dat dit ANC-propagandaleuens is.[6] Dit was fisies onmoontlik om binne 8 minute (sonder selfone daardie tyd) die minister en almal te laat weet, én om die stasie te ontruim.

Verswarende omstandighede was dat verskeie van Harris se vriende getuig het hoe hy die maande voor die ontploffing met hulle geargumenteer het dat dit aanvaarbaar is as enkele mense nou sterf om later baie te red. In sy huis is ook ’n brief gekry wat hy

Vervolg op bl. 32 »



# Nagmaal, die naelstring wat ons aan God én aan mekaar verbind

**Pieta Oosthuizen**

Nagmaal het nog altyd 'n baie belangrike rol in die Christen-Afrikaner se geloofslewe, maar ook in sy volkslewe gespeel. Veral in die vormingsjare van ons volk, toe ons voorouers as trekboere al hoe verder die binneland van Suid-Afrika ingetrek het. Uitsprake dat hulle geestelik sou verwilder, het op dowe ore geval, want hulle was in God se Woord geanker en het hul kinders in die vrese van die Here grootgemaak. Alhoewel ver van die destydse beskawing aan die Kaap en die groot dorpe wat later in die Kaapse binneland tot stand gekom het, het ons voorouers die onderlinge geestelike byeenkoms van die nagmaal stiptelik bygewoon. Van geestelike verwildering was daar nie sprake nie, want hulle is op gereelde basis deur die heilige sakrament van die nagmaal opnuut aan God verbind.

Tydens die Groot Trek het 'n waarskuwing oor die sogenaamde verwildering weer opgeklink, veral toe Kaapse predikante hulle sterk téén dié epiese volksverhuising uitspreek. Sonder 'n erkende en geordende predikant trek die Voortrekkers letterlik Donker Afrika binne, waar God self hierdie klein kuddetjie van sy kerk in stand hou. Huisgodsdiens, die doop en die nagmaal, katkisasie en die huwelik is met groot erns en vroomheid op die trekpad onderhou. Onder die wakende oog van die pa as hoof van die gesin, is 'n streng godsdienstige en sedelike lewenspeil gehandhaaf.

Volgens die nagmaalsformulier is die nagmaal ook 'n vreugdefees. Ons voorouers het altyd met opwinding en verwagting daarna uitgesien. Voorbereidings is vroegtydig getref en die kakebeenwa se padwaardigheid, met die oog op die nagmaalstog, is deeglik nagegaan. Die Bybel, psalm- en gesangeboeke en die preekbundels was veilig in die wakis. Benewens die geestelike voedsel, het die nagmaal ook die liggaamlike innerlike versterk. Boerbeskuit, soetkoekies, biltong, droë vrugte, boerewors, sosaties en ander watertand geregte is vir die feesmaaltyd voorberei.

Die hele gesin het hul kisklere uitgehaal en jy kon elkeen letterlik deur 'n ring trek. Die vroue se kerkrokke was handgemaak van materiale soos sy, satyn en fluweel. Elke Voortrekkerkappie was uniek en nekdoeke is met groot borsspelde vasgesteek. Die mans se satyn- of fluweelbaadjies het die oog gevang met onderbaadjies van dieselfde materiaal. By die uitspanplek op die dorpsplein is daar oor en weer gekuier, geëet, gespeel, gelag en in dié proses is die Christen-Afrikaner opgevoed, sterk karakters is gevorm en 'n groot pligsbesef het onder ons mense posgevat. Só is die nagmaal die naelstring wat ons aan God verbind, maar ook aan mekaar. Die bekende Afrikaanse skrywer, natuurhistorikus en volkekundige, PJ Schoeman, is dan ook in 1903 in die gesin se wa gebore op pad terug huis toe van die nagmaal in Utrecht.

My eie vroegste herinneringe aan die nagmaal was in die Brandfort-Oos gemeente van die NG Kerk. Dit was ook die gemeente van oom Blackie Swart, eerste staatspresident van die RSA. In die middelblok, teenaan die regterkantste paadjie, het oom Blackie en sy vrou gesit. Aan die agterkant van sy kerkbank het daar in goue letters gestaan: Oudpresident CR Swart. En ten spyte van die hoederak in die voorportaal, het oom Blackie altyd sy hoed langs hom in die paadjie, teenaan die kerkbank, neergesit. Op die preekstoel was ds. André MacDonald, lid van Bennie Osler se 1931 Springbokspan en gewilde Springbokagsteman. Hy knip sy internasionale rugbyloopbaan in 1934 kort toe hy verder in teologie aan die Universiteit van

Princeton (VSA) gaan studeer. Hy het dan ook die begrafnisdiens van oudpresident CR Swart (1975) uit die Tweetoringkerk in Bloemfontein waargeneem.

Daardie jare het ons gesin 'n Valiant gery en as enigste seun in 'n gesin van drie kinders, moes ek die kar elke naweek vir Sondag se kerk was. Dit het ook maar dikwels agterweë gebly, maar met nagmaal het my ma seker gemaak die wassery is betyds, want Saterdagmiddae om 15:25 is die Curriebeker rugbywedstryde op die radio uitgesaai en dan het ek vasgenael gesit en luister. (Ek is seker ds. MacDonald se nagmaalsdiens was toe ook reeds goed voorberei sodat hy ook voor die radio kon inskuif.)

Sondae se ná-nagmaal-middagetes was vir ons kinders voorwaar 'n feesmaaltyd. Daar is selfs vir elkeen 'n lekseltjie soetwyn in die mooiste kelkies geskink. Van die kosbaarste herinneringe aan my plaasgrootwordjare is van ons gesin rondom die eetkamertafel. En is dit nie veelseggend dat tydens die nagmaalsbediening die gemeente juis uitgenooi word om aan die tafel te kom aansit nie?

Destyds was die nagmaal vir ons as kinders 'n baie spesiale geleentheid en belewenis wat ons nie wou misloop nie. Dit het ons egter vir 'n kort rukkie gepla waarom óns nie ook van die nagmaalsbrood en -wyn kon geniet nie. Ek kan nie meer my ouers se antwoord op hierdie vraag onthou nie. Wat ek wel kan onthou, is dat dit nie verder saakgemaak het nie, want Pa en Ma was altyd reg. Ons het heeltemal inskiklik deur die jare ons Sondagskoolseëls ontvang en in standerd 9 belydenis van geloof afgelê.

Daardie eerste keer wat ons die nagmaal kon gebruik, was natuurlik 'n baie spesiale geleentheid in ons jong lewens. Seuns het 'n nuwe kerkpak en dogters 'n spesiale voorstellingsrok gekry en die familie is genooi om dié groot geleentheid met 'n baie spesiale middagmaal te vier.

Ek kan nie help om te wonder nie: Is die heilige sakrament van die nagmaal vandag nog steeds die naelstring wat ons aan God, maar ook aan mekaar verbind?

---

«Vervolg vanaf bl. 30

## John Harris en die stasiebom: Vryheidsvegter of terroris?

aan dr. Verwoerd gerig het waarin hy dreig om mense dood te maak as die regering nie van beleid verander nie.[7]

Glynnis Burleigh se lewe sou nooit weer dieselfde wees nie. Sy het talle gedeeltelik suksesvolle veloorplantings gehad om haar verminkte gesig beter te laat lyk. 'n Vriendin het beskryf hoe almal na haar staar waar sy in die openbaar verskyn. Gevolglik het sy die res van haar lewe 'n eensame kluisenaarsbestaan gevoer.[8]

Harris is aan moord en sabotasie skuldig bevind en het die doodstraf gekry. Op sy begrafnis het 'n 15-jarige Peter Hain 'n huldeblyk gelewer. Hy was toe 'n leerling aan Pretoria Boys' High. Hain is later na Engeland waar hy sportboikotte teen Suid-Afrikaanse sportspanne gelei en 'n Britse kabinetsminister geword het.[9]


John Harris se naam is deur die ANC op die Vryheidsparkmuur in Pretoria aangebring en die Britse BBC het nog onlangs 'n TV-dokumentêr, "The Good Terrrorist", oor Harris uitgesaai. Daarin word sy seun en Glynnis bymekaargebring om oor die gebeure te praat. Op 'n vraag of sy Harris as 'n held sien, antwoord sy: "He might have been to others, but he wasn't a hero in my eyes. I see any form of terrorism as cowardly." Harris se seun verduidelik dan dat sy pa niemand wou seermaak nie en geglo het die polisie sal die stasie ontruim. Glynnis laat haar nie hierdeur ontwrig nie en antwoord: "How would you put eight sticks of dynamite ... next to a woman and a child and not expect it to hurt them?"[10]

Die ANC skep die indruk dat hulle slegs militêre teikens aangeval het. Daar is talle voorbeelde, soos hierdie, wat die teendeel bewys.

---


1. Netwerk24, "Verwoesting só gesaai" (24 Julie 2014).
2. B.J. Liebenberg and S.B. Spies, *South Africa in the 20th Century* (1993), 405.
3. University of Pretoria, "The State vs Frederick John Harris", Vol II (19th October 1964), Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, (2017).
4. "Verwoesting só gesaai".
5. trevorgrundy-news, https://bit.ly/3TjPkhg (13 April 2023).
6. Kobus du Pisani, "Die 'sluipmoordenaar' en die 'patriot': Hendrik van den Bergh, John Vorster, John Harris en die Johannesburgse stasiebom, 24 Julie 1964," in *LitNet Akademies*, Jaargang 12, Nommer 2 (Augustus 2015), 153.
7. https://bit.ly/3TjPkhg
8. Politicsweb.co.za, "John Harris was not a hero" (27 August 2010).
9. "Verwoesting só gesaai".
10. https://bit.ly/3TjPkhg



## STUDEER VERDER BY DIE APA EN ONTSLUIT NUWE DEURE!

*Baccalaureus Societas Scientiae*

**BSocSci**

Die BSocSci-graad is 'n kontakgraad. Dit het ten doel om meningsvormende leiers in die joernalistiek, politiek, onderwys en gemeenskapsontwikkeling te lewer wat die samelewing weg van die afgronde van beide die verlede en ons tyd kan help lei. Hierdie graad is uitnemend geskik as voorbereiding om leiers te wees op die berge van invloed, as dit so vir hulle beskik is: kerk, gesin, opvoeding, burgerlike regering, kuns en ontspanning, media, sowel as besigheid en ekonomie.

**KLASSIEK-CHRISTELIK | BYBELGETROU | AFRIKAANS**

- Studeer terwyl jy werk.
- Internasionaal aanwendbaar.
- Kwalifiseer om by SACE te registreer.
- Geakkrediteerde programme wat wye erkenning geniet!
- Geregistreer by die Departement van Hoër Onderwys.

**Schola Scripta** (kontakprogram), **BA** (afstandsprogram), **BSocSci** (kontakprogram), **NGOS** (kontakprogram), **TPK** (afstandsgebaseerd), **BDiv** (kontakprogram)

**OU SPORE, NUWE WEË**

www.apa.ac.za

SOLIDARITEIT HELPENDE HAND
OPLEIDINGSINSTITUUT



# Aansoeke vir opleiding in VERSORGING is nou oop.

## Doen nou aansoek by Solidariteit Helpende Hand se Opleidingsinstituut.

## Slegs 'n beperkte aantal plekke is beskikbaar.

**Besoek**
**www.helpendehandopleiding.co.za**
**vir meer inligting.**

# Sakramente

## ’N TEKEN EN ’N WAARBORG!

JEUG BOODSKAPPER
(012) 362 1390 • boodskapper@apk.co.za
No. 186 • Oktober 2024





Jy was seker al in die kerk wanneer die sakrament van die doop of die nagmaal bedien word? Miskien het jy al gewonder wat dit alles beteken. Waarom word daar water oor ’n babatjie se kop gesprinkel en waarom word daar brood en wyn uitgedeel?

Ons noem hierdie dinge sakramente. Die Heidelbergse Kategismus (So. 25 v/a 66) verduidelik wat die woord *sakrament* beteken: “Die sakramente is heilige, sigbare waartekens en seëls deur God ingestel, om ons deur die gebruik daarvan, die belofte van die Evangelie des te beter te laat verstaan en te verseël; naamlik, dat Hy ons vanweë die enige offerande van Christus, wat aan die kruis volbring is, vergewing van sondes en die ewige lewe uit genade skenk.”

Om dit ’n bietjie makliker te verduidelik kan ons sê dat ’n sakrament ’n sigbare teken is wat my herinner aan iets onsigbaar. Ons kan ook sê dat dit iets is wat ek kan sien wat my herinner aan daardie dinge van my geloof waaraan ek nie kan vat, ruik, proe, of wat ek nie kan hoor of kan sien nie. Dit is amper soos

’n strokie by ’n bankteller of ’n bankstaat. Ons kan nie regtig ons geld in die bank sien nie, maar ons weet dit is daar omdat die strokie by die bankteller of die bankstaat wat ek van die bank ontvang, dit bevestig.

Die Here het vir sy kerk twee sakramente gegee waardeur Hy sy kinders se geloof versterk deur hulle aan sy beloftes en sy optrede te herinner.

### Die doop

Die sigbare teken by die doop is die water. Ons gebruik water om onsself mee skoon te was. Die water (wat ons kan sien) herinner ons aan die bloed van Jesus Christus wat ons sondes afwas (dit wat ons nie kan sien nie). Ons doop die babatjies van gelowige ouers omdat God aan hulle afwassing van sonde belowe wanneer hulle in Jesus Christus glo. Ons doop hulle in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees omdat die Drie-enige God sy Naam aan óns naam verbind. Hy belowe om vir ons ’n God te wees.

Elke keer wanneer ’n babatjie gedoop word, moet jy terugdink aan jou eie doop. As jy die water sien, onthou dan God se belofte dat Jesus Christus se bloed ook jou sondes afgewas het. Jy kan daardie belofte glo, want dit is so waar en seker soos die water wat jy tydens die doop kan sien.

### Die nagmaal

By die nagmaal is daar twee sigbare tekens – die brood en die wyn. Die brood herinner ons aan die liggaam van Jesus Christus en die wyn aan sy bloed. As die dominee die brood breek en die wyn in die beker skink en ons dit eet en drink (dit wat ek kan sien), herinner God ons daaraan dat Jesus Christus se liggaam gebreek en sy bloed gevloei het vir al ons sondes (dit wat ons nie kan sien nie). Wanneer gelowiges die nagmaal gebruik, kan hulle seker wees dat hulle werklik een met Jesus Christus is soos wat die brood en wyn een met hul liggame word.

Elke keer wanneer die nagmaal gevier word, herinner God jou ook daaraan dat sy Seun vir jou sondes betaal het. Al kan jy dalk nog nie nagmaal gebruik nie, is dit alreeds ’n wonderlike troos.


**Groete**
**Ds. Schalk Strauss**

# Die dogtertjie van Jaïrus (Lukas 8:40-56)



*Boustene van die Koninkryk: Graad 2. Illustrasie deur Ester van Deventer.*

# DIE NIETIGHEID VAN DIE MENS




**DWARS**

1. Hulle is aan die mens onderwerp (Ps. 8:8)
3. Waarmee God aangespreek word (Ps. 8:2)
6. Omsien, versorg (Ps. 8:5)
9. Daarmee tree God daadwerklik op (Ps. 8:7)
10. Koninklikheid, waardigheid (Ps. 8:2)
12. Agting bewys (Ps. 8:6)
13. Hulle besing God se magtige werke (Ps. 8:3)
17. Hemelliggaam (Ps. 8:4)
18. Met eerbetoon beloon (Ps. 8:6)
19. Besin, wonder (Ps. 8:5)
20. Net 'n bietjie minder (Ps. 8:6)
21. Handeling van God se vingers (Ps. 8:4)
22. Plek waar maan en sterre uitgestal is (Ps. 8:4)

**AF**

2. Gereedmaak vir 'n sekere doel (Ps. 8:4)
4. Geringer, kleiner (Ps. 8:6)
5. Dui op magsposisie van die mens (Ps. 8:7)
7. Die mens heers oor hulle (Ps. 8:8)
8. God gee aan hulle plek in die hemelruim (Ps. 8:4)
11. Hul word tot swye gebring (Ps. 8:3)
14. Inwoners van die veld (Ps. 8:8)
15. Gadeslaan (Ps. 8:4)
16. Hulle trek deur die paaie van die see (Ps. 8:9)
17. Nietige wese na wie God omsien (Ps. 8:5)
18. Volledige, totale (Ps. 8:2)




## GELOOF ALLEEN (LUKAS 8:40-56)

Jaïrus was ’n belangrike man wat in ’n klein dorpie gewoon het. Die meeste dae het hy by die sinagoge gewerk. Die sinagoge is waar die Jode kerk gehou het. Op ’n dag het sy dogtertjie baie siek geword. Sy was twaalf jaar oud en Jaïrus was baie bekommerd oor haar. Hy het nie meer geweet wat om te doen nie. Hy het onthou van ’n man met die naam Jesus, waarvan hy baie gehoor het. Hy het geweet dat Jesus nie sommer ’n gewone mens was nie, maar hy het geglo dat Hy sy dogtertjie kan help en daarom het hy Hom gaan soek.

Jaïrus het gesukkel om naby die Here Jesus te kom omdat daar te veel mense rondom Hom was. Almal was opgewonde. Toe Jaïrus by Jesus kom, het hy op sy knieë voor Hom geval en Hom gesmeek om sy dogtertjie te kom help. Die Here het ingestem en hulle het saam na Jaïrus se huis begin loop.

Langs die pad het ’n vrou, wat al vir baie jare siek was, agter die Here aan geloop. Sy het al haar geld aan dokters spandeer, maar niemand kon haar help nie. Sy was baie siek – sy het nie opgehou bloei nie. Die vrou het by haarself

gedink: As ek net stilletjies aan die rand van Jesus se kleed kan raak, weet ek dat ek gesond sal word. Niemand sal eers weet nie. Daarom het sy haar hand uitgesteek en die Here se kleed saggies aangeraak. Onmiddellik het sy 'n verandering in haar liggaam gevoel. Sy het geweet dat sy gesond is. Daar was baie mense rondom Jesus, maar Hy het geweet wat gebeur het.

"Wie het aan My geraak? het die Here gevra. Ek het gevoel hoe daar krag uit My uitgaan."

Jesus se dissipels het gedink dat Hy 'n fout gemaak het. Daar was dan so baie mense wat aan mekaar gestamp en gestoot het. Maar Jesus het geweet dat die vrou aan sy kleed geraak het en Hy wou met haar praat. Die vrou het gedink dat Jesus nie van haar geheim geweet het nie, maar sy het gou agtergekom dat sy niks vir Hom kon wegsteek nie. Sy het vorentoe gegaan en Hom alles vertel.

"Jou geloof het jou gesond gemaak. Gaan in vrede," het die Here vir haar gesê. Terwyl Jesus met die vrou praat, het daar mense van Jaïrus se huis daar aangekom.

"Jou dogtertjie is dood. Moenie die meester verder pla nie." Jesus het gehoor wat hulle sê. Hy het na Jaïrus gedraai.

"Moenie bang wees nie. Glo net, dan sal jou dogter gesond word." Toe hulle by Jaïrus se huis kom, was alles in rep en roer. Mense was hartseer en het gehuil. Jaïrus was baie ontsteld. Maar Jesus het vir almal gesê om kalm te bly en nie bekommerd te wees nie.

"Die dogtertjie is maar net aan die slaap, sy is nie dood nie." Die mense het Hom nie geglo nie. Hulle het vir Hom begin lag. Dit het die Here nie gekeer nie. Hy het by die dogtertjie se kamer ingegaan en haar hand geneem.

"Dogtertjie, staan op!" het Hy haar beveel. Op daardie oomblik het die dogtertjie haar oë oopgemaak en opgestaan.

"Gee haar iets om te eet," het Jesus gesê, "sy is honger." Haar ouers was baie bly en baie verbaas. Die Here het 'n wonderwerk gedoen, maar Hy het hulle beveel om niemand daarvan te vertel nie.

Dit is die verhaal van Jaïrus se dogtertjie en die vrou wat aanhou bloei het. Dit wys ons dat Jesus baie sterker as siekte, probleme en selfs die dood is. Ons leer ook dat dit vir Jesus baie belangrik is dat ons in Hom moet glo en op Hom moet vertrou. Ons moet weet dat Hy ons kan en wil help – daarom moet ons Hom vertrou.

# *Ek wil die nagmaal gebruik*



**Ek onthou nog goed hoe my pa een Sondagoggend voor kerk vir ons gesê het: "Onthou, dit is nagmaal, net die grootmense mag 'n broodjie eet en van die wyn drink."**




Vir jare lank kon ek net die kelkie ná afloop van die diens in die houer gooi. Ek en my suster was tevrede met hierdie taak, want baie ander kinders het dit ook gedoen. Maar dit was juis hierdie spesifieke Sondag wat ek gesien het hoe 'n jonger kind as ekself, die nagmaal gebruik. Toe ek dit sien, wou ek dit ook gebruik.

Op daardie stadium was ek tien en my ouers het al verduidelik wat die nagmaal beteken en waarom ons dit gebruik. Ek het my kop op en af geknik asof ek alles verstaan het, maar eintlik het ek nog nie. Dat ons die nagmaal vier as iets wat die Here Jesus ons beveel om te doen, kon ek wel verstaan (vgl. Lk. 22:19). As jy nog klein is, verstaan jy bevele, want jy kry baie daarvan. Hoeveel keer het jou ouers nie al vir jou gesê: "Moenie dit doen nie!" Of: "Doen dat!" As jy klein is, vertrou jy jou ouers om te weet wat reg en wat verkeerd is, daarom doen jy wat hulle sê.

Die nagmaal is egter meer as 'n bevel wat blindelings gehoorsaam moet word. Soos enigiets in die lewe, is daar 'n regte en 'n verkeerde manier om die nagmaal te gebruik (vgl. 1 Kor. 11).

---

1. Medeleraar van die AP Kerk Orania.

In 1 Korinthiërs 11 lees ons dat dit baie belangrik is om die betekenis van die nagmaal reg te verstaan. Iemand wat dit nie verstaan nie, kan die nagmaal nie reg gebruik nie, en so dien die nagmaal nie sy doel nie. Wat is die nagmaal se doel? Ons lees in Matthéüs 26:28 dat die wyn na die bloed van Jesus Christus heenwys. Sy bloed is vir baie mense uitgestort tot 'n vergifnis van hul sondes. Wanneer ons dan die wyn drink, dink ons terug aan die dag wat die Here Jesus aan die kruis geoffer en sy bloed tot vergifnis van ons sondes gevloei het. So gebruik die Heilige Gees hierdie duidelike herinnering wat ons kan proe, om ons geloof in die Here te versterk.

Verder sê 1 Korinthiërs 11:28 dat iemand wat die nagmaal gebruik, aan al sy sondes en tekortkominge moet dink. Voor iemand dus die nagmaal kan gebruik, moet hy eers deeglik en eerlik oor sy eie sonde nadink. Dit is 'n opdrag! Maar hierdie is meer as net 'n herinnering. Die Bybel stel dit duidelik dat berou oor ons sonde hand aan hand loop met die vergifnis van ons sonde (vgl. Ps. 51:18-19). Deur na te dink oor jou sondes, word jy opgeroep om jammer te wees oor daardie spesifieke sondes. Kan 'n mens werklik berou oor sonde hê as jy nog nie regtig weet wat reg en wat verkeerd is nie?

**Dit bring ons by die rede waarom kinders nie die nagmaal moet gebruik nie. Navorsing het bewys dat 'n kind eers rondom tien die verskil tussen reg en verkeerd *begin* verstaan. Eers dan *begin* jy verstaan (met die klem op "begin") hoe groot jou sonde is waarvan jy gered moet word. Daarom is daar iets soos verbondsonderrig en belydenis van geloof. Dit help jou om jou kennis oor dit wat reg en dit wat verkeerd is, uit te brei en leer jou waaroor die nagmaal gaan. Tydens verbondsonderrig ondersoek jy die Bybel. Daardeur leer jy hoe groot jou sonde is, hoe jy van jou sonde verlos kan word en laastens hoe 'n dankbare lewe lyk.**

Nadat jy belydenis van geloof afgelê het, behoort jy aan 1 Korinthiërs 11 se vereistes vir nagmaalsgebruik te voldoen. Dan kan jy aan jou sondes dink en die Heilige Gees vra om berou in jou hart daaroor te werk (vgl. Ps. 51:13; Joh. 16:8-9).